Shani: Ek soek net gou iets op Google...O...hier is dit...Rachelle luister gou... (sy lees) "How to take Care of your Miniature Pincher...Wil jy hoor?"

Rachelle: (deur haar tande) Ja lees maar.

Shani: "...the miniature pincher is very bright and learns quickly" (sy lees verder)...Uhm... (vind die deel wat sy soek) o hierso... Jy mag hulle GLAD NIE "spoil" nie...(lees verder) Blah blah blah...O...Het julle haar al gevat vir haar inspuittings?

Baie kort stilte.

Rachelle: (Sug) Nee.

Shani: Oe...Ja wel hulle sê hier mens moet hulle laat "vaccinate"...

Rachelle: (Irritasie bereik breekpunt) Okay..Shani...ek sal more na daai artikel gaan kyk kom ons kuier nou nog so bietjie...Ek wil nie hê "Muis" moet die aand monopoleer nie.

Shani: Ek sê maar net, honde is baie verantwoordelikheid.

Stilte.

Liz: Sit nou daai selfoon weg Shani.

Shani: Ek maak net gou vinnig 'n facebook status.

Liz: Oe! Wat sê jy? Maak dit iets crazy, soos: "Dinner met die girls. Whoop whoop!"

Shani: Uhm...nee...ek maak dit maar net: "Awesome aand met Liz en Rachelle. Gotta love em!" En dan 'n smiley face.

Liz: Aaah dis baie sweet. Is dit nie sweet nie Rachelle?

Rachelle: Mmmm...baie. (Vat 'n groot sluk sjampanje)

Liz: Love you too vriendin...

Shani: Love you more "vriendwah"! Liz en Shani gaan lekker tee drink in Liz se nuwe teepot.

Liz: Tee in 'n pot!

Shani: 'n Pot tee!

Liz: Tee in 'n pot is gelyk aan 'n teepot.

Hulle lag.

Rachelle vat sommer 'n sluk uit die bottel.

Rachelle: Wie wil sjampanje hê?

Shani: Ek asseblief...

Liz: Ek ook...

Sy gooi vir hulle sjampagne in en gee vir elkeen 'n glas.

Liz: Dankie vriendin.

Shani: Dankie Rachelle.

Rachelle: Plesier Shani.

Aan gehoor.

Rachelle: Dis nie 'n plesier nie. Dis definitief nie 'n plesier nie. Ek hoop sy stik aan die borrels! Shani is al van skool af so beter weterig. Impliseer dat ek nie na 'n hond kan kyk nie. En ek kan nie glo sy het Felix opgebring nie. Felix was my kat en hy is so jaar gelede...oorlede. Dit was nie my skuld nie. Daar was vlieë. Ekt gif uitgesit, daai wit kassie goed, want dit het my geiriteer. Nie die kat nie die vlieë. Hoe moes ek weet die simpel ding gaan die gif vreet. Ek kan nie glo sy het haar selfoon uitgeruk en die hond "geGOOGLE" nie. Wat het dit met haar te doen? Smile net Rachelle. Ten minste is die sjampanje nou oop.

Terug by die gesprek

Rachelle: Mmmmm... dis nogal lekker.

Liz: Hierdie borrels gaan reguit na my kop toe!

Shani: Nee man, drink maar net stadig.

Rachelle: So Shani hoe gaan dit met die werk soek?

Liz: Ja. Any luck?

Shani: (*Geirriteerd*) Nog nie.

Rachelle: Soek jy hard genoeg?

Liz: Soos ma my altyd sê: soek en jy sal vind.

Shani: Ek soek. Ek kry maar net niks nie.

Rachelle: Shame vriendin. Jy moet maar vasbyt.

Liz: Ja, moenie moed verloor nie. Jy moet maar net probeer en probeer en weer probeer. Probeer is die beste geweer – soos ma my altyd sê.

Rachelle: Dis nogal ironies. Na universiteit het ons almal gedink jy gaan sommer dadelik in 'n werk in stap. Ek meen jy *het* bemarking geswot...

Liz: En jou punte was altyd so goed!

Shani: Ja, toe nou nie.

Rachelle: Toe nou nie.

Shani aan gehoor.

Shani: *Dit was definitief 'n stekie.* Okay the gloves are off!

Terug by die geselskap.

Shani: So Rachelle...

Rachelle: Ja?

Shani: Hoe gaan dit met die geesteswetenskappe?

Liz: O ja, jy moet nog graad vang!

Rachelle: Ek moet nog net 'n Antieke Kulture taak in gee.

Shani: Regtig? Is dit nie een van jou eerstejaarsvakke nie?

Rachelle: Ja...

Shani: Jy moet maar die taak gouer as later in gee. Kry dit net klaar.

Liz: Waaroor is die taak?

Rachelle: Die “*Bacchanal*” ...

Liz: Die wat?

Rachelle: Dis basies hierdie ritueel vir “*Dionysos*”...

Shani: Nee, nee, nee Rachelle moenie vir ons vertel nie... Skryf dit!

Rachelle: Sy het gevra!

Shani: Ja en ons kan hoor jy weet waarvan jy praat... maar dit help nie jy vertel dit vir *ons* nie, jy moet dit skryf. Ek is jammer vriendin, maar jy kan nie dit nie aanhou uitstel nie.

Liz: Soos my ma altyd sê: van uitstel kom afstel!

Rachelle: Julle is seker reg...

Rachelle aan gehoor.

Rachelle: Beterweterige... Skeinheilige... Ughh! Iemand moet my keer want ek dink ek gaan haar te lyf gaan!

Terug by die geselskap.

Rachelle: Dankie julle dit was *net* wat ek nodig gehad het.

Shani: Dis net ‘n plesier. That’s what friends are for.

Liz lig haar glas.

Liz: Tjorts julle!

Rachelle: Cheers!

Shani: Cheers!

Almal klink glase. Die sjampanje word elkeen onderskeidelik in een sluk afgesluk, almal vir verskillende redes.

Stilte.

Liz: Julle, ek wil nou nie selfgesentreerd klink nie maar... (*in ‘n baba stemmetjie*) Nie een van julle het al vir *my* gevra hoe dit by *my* werk gaan nie?

S+R: Aaaaaah...

Shani: Hoe aaklig van ons...

Rachelle: Ja jammer Lizzy!

Rachelle en Shani aan gehoor.

S+R: Dit gaan *altyd* oor haar.

Terug by die geselskap.

Shani: (*Vals*) So vertel vir ons hoe gaan dit met die skoolgee?

Rachelle: (*Vals*) Ja, wat vang die *kids* nou aan?

Liz: Dankie laat julle *uiteindelik* vra. Wel...dit gaan *baie* goed met die boekwurmkompetisie.

Rachelle: Boekwurmkompetisie?

Liz: Ek *het* julle al daarvan vertel...(sug) Maar in elk geval... Ek maak vir elke kind in die klas ‘n wurm uit papierborde. Vir elke boek wat hulle lees kry hulle ‘n sticker...die een wat teen die einde van die jaar die meeste stickers het wen ‘n prys. So vêr loop Michelle voor met 14 boeke... Wow! Die een met die minste boeke sover is Khetiwe maar Afrikaans is nou nie juis haar eerste taal nie.

Rachelle: Hoe weet jy hulle het die boek gelees?

Liz: Hulle moet vir my die storie kom vertel...

Shani: Wat as hulle net die synopsis Google?

Liz: Ek dink darem nie een van hulle sal dit doen nie...

Rachelle: Ja party mense is mos lief vir *Google*.

Shani: Wel dit is handig veral as mens 'n taak moet doen.

Rachelle: Of 'n werk moet soek.

Liz: Julle kom ons maak nog persente oop!

Liz aan gehoor.

Liz: (*Babbel*) Hallo. My naam is Liz. Welkom by my flat. Vanaand is my kitchen tea...nommer twee. Ja ek het twee...amazing! Ek is 25 jaar oud. Of 25 jonk soos my ma altyd sê. (Besef skielik) Shani en rachelle. (Sy lag) Dit gebeur elke keer. In elk geval...Ek trou binnekort. My rok is flippen mooi. Dis so "off shoulder" tipe nommer met 'n beading patroon wat in so wave afloop. Dit is die vrou wat destyds my matriekafskeid rok gemaak het. Sy gaan 'n honderd duisend kralletjies vaswerk...met die hand. Kan nie wag nie! Die venue gaan "stunning" lyk. Ons gaan met 'n "peach" en "lemmetjiegroen" kleurskakering. Ek hoor dis komplimentêre kleure. Dit gaan 'n baie tradisionele troue wees. In 'n kerk. Ek het op 'n stadium aan 'n strandtroue gedink maar die idee van kaalvoet trou gril my so klein bietjie. My verloofde se naam is Gert. Hy gaan *eendag* 'n prokureur wees. Ek is super excited om te trou. Almal vertel my hoe moeilik dit is om "groot te word" maar ek LOVIT!

Terug by geselskap.

Liz: Okay persente!

Rachelle: Hierso maak myne oop!

Liz: Wag net gou julle... Ek wil net gou ietsie sê: Baie dankie vir vanaand, julle. Julle is baie spesiaal vir my, hoor? Kyk na ons, julle. Ons is nou groot. Ek lig my glas op julle. Op ons. Op groot word.

Almal: Op groot word!

Hulle vat elkeen 'n sluk.

Liz: Kom ons maak nog persente oop.

Rachelle: Hierso maak myne oop. (*sy gee vir haar 'n boks*)

Shani: En wat van die ander een?

Rachelle: Later. Dis oppad.

Liz: Watse *ander* een?

Shani: Ons het vir jou *saam* iets anders ook gekry. Maar dis 'n verassing.

Liz: AH. Julle! Wat is dit? Ek raak skoon angstig. Julle weet ek "cope" nie met verassings nie. Wat is dit?

Shani: Jy moet maar net wag en sien...jy gaan dit *love*!

Rachelle: Wel, dit was *my* idee.

Shani: Nee, ons het *saam* daarop besluit.

Rachelle: Oorspronklik was dit *my* idee en toe wou jy deel wees.

Shani: *Jou* idee was iets *anders* en toe stel *ek* hierdie idee voor.

Rachelle: Is nie!

Shani: Is!

Liz: Hierdie een is van Rachelle.

Shani: mmmm...

Liz: En dit is 'n...

Sy maak dit oop.

Liz: Wat is dit?

Rachelle: 'n Skokstok...Ek't vir my ook een nou die dag gekry. 'n Meisie moet deesdae voorbereid wees. Mens weet nooit watse "kreature" kruip in snaakse gate uit nie. Ek het eers gedink aan 'n rape alarm maar ek dink 'n *wapen* is beter...

Shani: 'n "Wapen"?

Rachelle: Ja Shani 'n wapen...Hulle is oral op die uitkyk vir 'n onskuldige meisie...

Shani: "Hulle"...

Rachelle: Dis nie wat ek bedoel nie. Ek het ook een en ek voel baie veiliger om aande na my kar toe te stap, baie dankie.

Liz: Hoe werk die ding?

Rachelle: Kyk jy sit om hier aan...(sy druk die ding)

Shani en Liz gil soos wat hulle skrik.

Liz: Dis verskriklik!

Rachelle: Ja hy gaan twee keer dink voor hy... jy weet...

Shani: Kom ons hou op praat hieroor.

Rachelle: Dis die realiteit Shani! Ek wou eintlik daai een gekry het wat die tandjies so uitskiet, jy weet, dan mik jy hom so vir sy crotch...

Shani: Sies man. Ek dink dit stuur 'n baie negatiewe boodskap uit oor vrou-alleen wees. Moet ons nou vir die res van ons lewens in vrees lewe? Ons self "be-wapen"!?

Rachelle: Ja, want dis 'n oorlog Shani...

Shani: O ja "die oorlog teen witmense"?

Rachelle: Nee teen *vrouemense*.

Shani: Ag asseblief!

Liz: Julle kom ons praat eerder nie politiek nie! Ek dink nie ons weet genoeg om 'n opinie te hê nie. Nuwe reël: Ons mag nie politiek praat nie.

Rachelle: Al wat ek sê is *rather safe than sorry*...

Shani: Loop jy maar rond met 'n skokstok...ek gaan my lewe eerder *geniet* baie dankie...

Liz: Ek weet ook nie so mooi nie Rachelle...

Rachelle: Goed. Wees *julle* maar naïef...Maar ek sê julle...Hulle kan selfs net hier buite die flat staan reg om ons te bespring...

'n Klop aan die deur. Al drie van hulle gil.

Shani: Wie is dit?

Liz: Gaan kyk wie dit is!

Shani: Gaan kyk jy, dis *jou* flat?

Rachelle: *Ek* sal kyk wie dit is...

Shani: Vat die "skok ding" saam!

Rachelle: O *nou* is dit goed genoeg...

Weer 'n klop aan die deur.

Hulle gil weer.

Shani: Okay dit raak nou belaglik... (*Sy roep*) WIE IS DIT?

Stem: Dis die polisie... maak asseblief die deur oop...

Shani: Die polisie!?

Stem: Ons is opsoek na *Liz*.

Liz: Wat het *ek* verkeerd gedoen?

Rachelle: Ek maak nou oop!

Shani: Wat doen die polisie hier?

Liz: Ek weet nie.

Rachelle gaan af.

Ons hoor hoe maak sy die deur oop.

Rachelle: (*Af*) Goeienaand, Sersant, kan ek help?

Stem: (*Af*) Ja, ek is opsoek na *Liz*...

Liz: *Ek* is *Liz*...

Japie kom die vertrek binne. Hy het 'n "polisie-uniform" aan.

Japie: (*aan Shani*) *Liz*?

Shani: Nee daar sit sy!

Japie: *Liz*?

Liz: Ja...

Japie: Your under arrest...

Liz: Wat?

Japie: For being extremely sexy!

Japie begin sy klere uit te trek. Rachelle het intussen sy CD aan gesit.

Rachelle: Watter een?

Japie: Track 4!

‘n Liedjie begin te speel. Japie begin op die maat van die musiek sy klere uittetrek.

Rachelle: Surprise Lizzy!

Liz: Is dit die verrassing?

Shani: O... Surprise! (*Aan Rachelle*)

Liz hou intussen vir Japie fyn dop. Japie is onseker of hy moet verder dans want niemand gee regtig aandag aan hom nie.

Liz: Gaan hy...jy weet...als?

Rachelle: Ja.

Liz: (*sy begin te giggel*) Nee...

Rachelle: Relax bietjie! Dis ‘n *bachelorette* tradisie!

Shani: Dis net een aand Liz!

Liz: (*sy gee in*) Okay... Kom ons doen dit... Ons wees bietjie “stout”!

Japie staan eenkant heel ongemaklik in die hoek.

Japie: Uhm... kan ek maar aangaan?

Rachelle: Ja, waarvoor wag jy, trek uit!

Shani: Ja komaan!

Liz: Trek *als* uit!

Shani, Rachelle en Liz begin te giggel.

Japie sit die musiek harder, sit sy CD speler eenkant en begin te “dans”.

Nota: Die dans kan of ongelooflik “goed” wees, of baie “sleg”, hy kan of baie ongemaklik wees of te oorgretig. Solank die situasie ongemaklik is. Japie kom voor as effe onvoorbereid en baie groen.

Gedurende sy ontkleedans giggel die meisies en maak o.a “WHOO WHOO” geluide. As Japie net in ‘n g-string is begin hy vir Liz ‘n “lapdance” te gee.

Rachelle: Ja *Baby!*

Shani: Whoo Whoo! Go Liz!

Liz: Wat moet ek doen, wat moet ek doen?

Rachelle: Sit vir hom ‘n geldjie in sy onnie!

Liz: Ekt nie kontant by my nie...

Shani: Hier is servette!

Liz druk ‘n servet in sy onderbroek.

Liz: Weer, ek wil weer!

Shani: Ek wil ook!

Rachelle: Los vir my ook een...

Hulle al drie begin servette in sy onderbroek te druk.

Japie: (*Probeer baie hard om sexy te wees*) Julle *like* dit net, né! Pappa gaan julle almal *arresteer!*

Rachelle en Shani raak effens ongemaklik. Liz se mond hang oop soos 'n kind in 'n speelgoed winkel.

Japie: Wie van julle was *stout* gewees?

Liz: (*Liz spring op*) Ek! Ek is stout! Ek is baie stout!

Japie: Julle is almal *stout* en ek gaan julle toesluit en dan 'n vet *pakslae* gee! Moet net nie laat Pappa sy rewolwer uithaal nie...

Rachelle: Okay, hou op praat.

Shani: Dans eerder net.

Japie gaan na sy sak toe.

Liz: Nee moenie gaan nie!

Japie: Ek kry net gou iets...

Japie haal baba olie uit sy sak uit.

Meisies: WHOO WHOO! OLIE!

Hy begin dit in sy lyf in te smeer.

Rachelle: Smeer dit! Ja ja...

Liz: Smeer jou bo-arms!

Shani: Nee, jou bors!

Rachelle: Sy wors?

Shani: BORS!

Hulle al drie lag. Stadig maar seker hou hulle op met lag. Die situasie raak ietwat donker. 'n Kombinasie van wellus, ang en onsekerheid. Japie voel aan hoe dinge nou net te vreemd raak maar hy hou aan met dans.

Na wat voel soos 'n ewigheid kom die liedjie tot 'n einde.

Rachelle: (*dit spoeg onverwags by haar mond uit*) Ek wil hom naai.

Stilte.

Shani: Wat het jy gesê?

Die alarm gaan af.

Almal druk hulle ore toe en begin baie hard te praat.

Shani: WAT GAAN AAN?

Rachelle: DIS DIE ALARM!

Japie: KAN JY DIT DALK AFSIT?

Liz: EK KAN NIE ONTHOU WAAR OM DIT AF TE SIT NIE! DIT IS NUUT, MY PA HET DIT NOU DIE DAG INSTALLEER.

Shani: DIT MAAK MY MAL!

Rachele: HOE LANK GAAN DIT AANHOU?

Liz: EK WEET NIE.

Kort Pouse.

Shani: EK GAAN VAN MY KOP AF RAAK!

Japie: MISKIEN MOET JULLE DIT SOEK?

Hulle begin die alarm te soek.

Na 'n rukkie hou die alarm op.

Shani: Eks bly dit is verby. Het een van julle die keypad gekry?

Rachelle: Nee.

Liz: Nie ek nie.

Rachelle: Ek het nie geweet jy het 'n alarm nie Liz?

Liz: Ja my pa het dit installeer so paar dae gelede, wou hê ek moet veilig wees in die stad. Ek kan nie onthou waar die keypad is nie.

Shani: Wat as dit iemand was wat probeer inbreek?

Rachelle: Dit was nie iemand wat probeer inbreek nie.

Liz: Ten minste het ons 'n polisieman saam met ons...

Hulle lag. Dan raak dit stil en ongemaklik

Shani: Ek wil weet hoekom jy dit gesê het?

Rachelle: Wat?

Shani: Dat jy hom wil...

Rachelle: Ek weet wat ek gesê het...

Japie: Dames...

Shani: Wag jy net gou...

Rachelle: Los dit net Shani.

Shani: Ek gan dit nie los nie.

Liz: Dit was net 'n ou grappie gewees, né Rachelle?

Rachelle: Ja dit was net 'n grappie Shani.

Shani: 'n Grappie is veronderstel om snaaks te wees. Dit was nie snaaks nie.

Liz: Ek dink dit is nogals snaaks.

Japie: Dames...

Shani: Bly gou stil.

Rachelle: Moenie hom stil maak nie.

Shani: Dit was nie 'n grap nie.

Rachelle: Drop dit net okay!

Shani: Ek gaan nie!

Japie: Dames... uhm... is daar enige iets *anders* wat julle wil hê ek moet doen?

Stilte.

Liz: Baie dankie vir *als* maar ek dink jy kan maar gaan.

Begin sy klere op te tel.

Japie: (*Vir Liz*) Het ek iets verkeerd gedoen?

Liz: Nee glad nie, jy't net jou *werk* gedoen. Dit was 'n... mooi... dansie.

Japie: Okay, maar dan is ek oppad.

Kort stilte.

Shani: (*Kyk nie eens vir hom nie*) Okay, bye!

Rachelle: (*Vermy oog kontak*) Baie dankie!

Liz: Dit was "lekker" om jou te ontmoet. Baie dankie vir die "vertoning"...

Stilte.

Hy bly net daar staan.

Shani: En?

Japie: (*Baie ongemaklik*) Uhm... Ek moet nog betaal word?

Rachelle: O ja...

Rachelle gaan na haar handsak toe en haal haar beursie uit.

Rachelle: Toe Shani gee jou helfte...

Shani: Ekskuus!

Rachelle: Jy het my gehoor...*jou* helfte.

Shani: Nee, nee, nee... wag net gou... Ek was bereid om te betaal toe dit *ons oorspronklike* idee was...

Liz: Wat was die *oorspronklike* idee?

Shani: Ons sou met 'n superman gegaan het...

Rachelle: Ja wel, dit was nou nie die *oorspronklike* idee nie...Gee net asseblief jou helfde!

Shani: Nee!

Rachelle: O, so jy is 'n roofkyker?

Shani: Ek weier om vir jou Gigolo te betaal!

Rachelle: Hy is nie my Gigolo nie!

Shani: Wel jy wou hom *naai*!

Rachelle: Fok jou!

Shani: Nee fok jou!

Liz: (*Die juffrou in haar kom nou uit*) Julle ASSEMBLIEF! Dit is nou genoeg. Kan julle asseblief net die man betaal dat hy sy ry kan kry en dan kan julle later hieroor baklei. Nee man!

Kort stilte.

Liz: Hoeveel was dit?

Rachelle: R800

Shani: Wat!?

Liz: Shani...

Rachelle: Jy hoef net R400 te gee.

Shani: Jy kan bly wees ek het kontant op my... (*gooi dit*)

Rachelle: Moenie dit nie vir my gooi nie!

Liz: Gee net vir my julle geld!

Liz gee vir Japie die kontant.

Liz: Hierso... 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 800 rand. Baie dankie vir als. Jammer vir die ongerief.

Japie: Baie dankie. Technically het julle nie die hele package gekry nie... So hierso is R200 terug...

Liz: Nee, asseblief vat dit. Ons het so baie van jou tyd gemors. Ek stap sommer saam jou deur toe.

Shani: Moenie jou baba olie vergeet nie...

Japie: Dankie.

Japie gaan haal dit.

Japie: Totsiens julle.

Hulle kyk nie een vir hom nie.

Rachelle: Totsiens.

Shani: Bye.

Liz en Japie af. Ons hoor hoe hulle by die deur groet. Die deur gaan toe. Liz kom terug.

Stilte.

Liz: Dit was nou vir jou 'n "debakel".

Stilte.

Liz: O, so nou gaan julle heel aand stil stuipe hê?

Stilte.

Liz: Dit is so onregverdig. Dit is my kitchen tea. Ek is nie van plan om te skei nie so hierdie een is veronderstel om amazing te wees. Hoe gaan ek dit onthou? My twee beste vriendinne in die hele wereld wat heel aand mekaar BITCH! En kyk hoe laat julle my vloek! Ek vloek nooit nie...FOK!

Stilte.

Shani: Jammer Lizzy.

Rachelle: Sorry Liz.

Shani: Ons is besig om baie selfsugtig te wees.

Rachelle: Maar dit stop nou. Vanaand is *jou* aand. Niemand gaan dit spoil nie.

Shani: Niemand nie...

Rachelle: Wat wil jy doen?

Shani: Huh, vriendin?

Stilte.

Rachelle: Ons is *regtig* jammer.

Shani: Vergewe ons...

Stilte.

Liz: Belowe my dat julle nie weer vanaand gaan baklei nie?

Kort stilte.

Liz: Belowe!?

Shani en Rachelle: Belowe.

Liz: So als is nou vergeet en vergewe?

Rachelle: Ja.

Liz: Shani...

Shani: Wat moes ons nou weer vergeet?

Hulle lag.

Aan gehoor.

Shani: Natuurlik het ek nie vergeet nie! Haar woorde was "EK WIL HOM NAAI" ... besef niemand anders die erns van die situasie nie?

Rachelle: Natuurlik gaan ek nie vergeet nie! Shani het 'n bohaai opgeskop oor fokol. Oor 'n blierie grappie!

Liz: Natuurlik gan nie een van hulle vergeet nie. Ek sê julle wat hulle wel vergeet het. Hoekom ons hier is vanaand. Vir my kitchen tea!

Terug by die geselskap.

Almal lag weer.

Liz: So julle belowe dat ons nie weer daaroor gaan praat nie.

Shani: Ons het mos nou net belowe.

Liz: Nog 'n ding... wat is dit met al die vloekwoorde vanaand? Julle weet hoe ek oor kru taal voel. Nuwe reël: As iemand vloek moet hulle 'n boete betaal en dit in die voelvark gooi. 'n Rand per vloekwoord.

Rachelle: (*Soek in haar beursie*) Hierso is myne.

Shani: (*Sy doen dieselfde*) En hier is myne.

Liz: Ek het ook perongeluk 'n woord of twee laat glip, so hier is myne.

Hulle gooi almal hulle rande in die bak.

Liz: Sien. Niemand vloek nie. Niemand praat weer oor die insident nie. (*Hoopvol*) Ek dink dit gaan actually 'n lekker aand wees.

Stilte.

Shani: Al wat ek wil weet is hoekom jy dit gesê het, dan sal ek dit los...

Rachelle: Ek het geweet! Ek het geweet jy kan dit nie laat gaan nie!

Liz: Julle het belowe!

Shani: Watse mens praat van naai!?

Rachelle: Kom oor dit... NAAI NAAI NAAI NAAI!

Liz: Stop dit!

Alarm beep.

Shani: Wat was dit?

Rachelle: Ek het niks gehoor nie...

Liz: Ek is jammer maar Shani jy skuld 'n rand en Rachelle jy skuld vier!

Shani: Shhhhhhh!

Alarm beep.

Shani: Daar's dit weer!

Liz: Dis die alarm...

Rachelle: Die alarm?

Alarm beep.

Shani: Julle moenie uitfreak nie, maar ek dink iemand is besig om in te breek...

Liz: Wat!?

Rachelle: Moenie belaglik wees nie... niemand is besig om in te breek nie...

'n Klop aan die deur.

Hulle al drie gil en gaan kruip agter die bank weg.

Shani: WIE IS DIT?

Stilte.

Rachelle: *(Fluister)* Gaan kyk Shani!

Shani: Ek gaan nie kyk nie, gaan kyk jy!

Rachelle: SHHHHH! *(fluister)* Wil jy hê hulle moet ons hoor?

Shani: *(fluister)* Ek gan nie kyk nie. Netnou sny hulle my keel af...

Rachelle: Liz, dis *jou* flat gaan kyk jy?

Weer 'n klop.

Liz: Net nou verkrag hulle my!

Rachelle: Niemand sal jou verkrag nie... vat die skokstok saam.

Liz vat die skokstok en stap deur toe.

Ons hoor hoe dit oop gaan.

Stem: EINA FOK!

Shani: Liz!

Rachelle: Liz!

Liz en Japie kom die vertek binne.

Japie: Eina... eina... weet jy hoe seer was dit!

Liz: Ek is rerig jammer! Rerig! Sit hierso...

Japie gaan sit.

Rachelle: Wat het gebeur?

Japie: Sy het my geskok!

Liz: Dit was 'n ongeluk!

Shani: Sien jy Rachelle, ek het jou gesê die ding is gevaarlik!

Rachelle: Nee, jy het nie!

Liz: Ek is rerig jammer!

Japie: Eina! Dit brand nog steeds!

Shani: Okay maar wag net gou... Wat doen jy hier?

Japie: Ek?

Shani: Ja jy!

Liz: Shani!

Japie: Ek wou net my foon kom charge. My battery is pap en my lift het nog nie opgedaag nie.

Shani: Jou storie is baie fishy!

Rachelle: Ek stem saam.

Japie: Ek belowe. Ek het my kar vir my flatmate geleen en hy moet my kom haal maar nou is my battery pap.

Shani: Sjoe, maar jy's vrygewig.

Liz: Stop dit nou julle. Wat is jou naam?

Japie: Japie...

Liz: Hallo Japie, Ek is Liz en dit is Rachelle en dit is...

Shani: Zaandre...

Liz: En dit is Shani...

Shani: Liz ek wou nie vir hom my regte naam gee nie!

Liz: Japie, ek is regtig jammer dat ek jou geskok het. Ons was net bietjie paranoïes. Jy kan enige tyd jou foon charge.

Shani: Wag net gou... Kom ons bel net sy company en hoor of hy legit is?

Japie: Company?

Shani: Rachelle! Waar het jy op hom afgekom?

Rachelle: Op Gumtree...

Shani: WAT!

Rachelle: Hy was die goedkoopste, okay.

Shani: Ek kan jou nie glo nie! Liz gee vir my daai ding...

Sy gryp die skokstok en gaan staan by Japie wat nog steeds in pyn is.

Liz: Shani!

Japie kyk op.

Japie: Wat doen jy?

Shani: So Japie... as dit jou regte naam is...

Japie: Natuurlik is dit my regte naam!

Shani: Ons soek antwoorde Japie.

Liz: Shani dis belaglik!

Rachelle: Ons wil net weet dat hy *is* wie hy sê hy *is*...

Liz: Nie jy ook nie!

Japie: Ek het vir julle gesê ek is net hier omdat ek 'n oproep wil maak!

Shani: Sit stil of jy kry nog bietjie skokterapie! Hoe oud is jy?

Japie: Vyf en twintig!

Shani: Wat is jou flatmate se naam?

Japie: Henko. Ek verstaan nie hoekom jy my hierdie vrae vra nie.

Rachelle: Ja, Shani jy het geen manier om te bewys of hy die waarheid praat of nie.

Shani: Goeie punt. Okay Rachelle soek sy sak deur... kyk of hy enige wapens het!

Rachelle gaan sy sak deur.

Rachelle: Okay, hier is 'n melk, 'n brood, 'n polony, 'n carton camel lights en ... twee bokse wyn.

Shani: O, twee bokse wyn...het jy gedink jy gaan 'n paar onskuldige meisies dronk maak vanaand...en dan advantage neem!

Japie: Dis groceries. Vir die flat! My flat! Ek het dit by die Friendly op die hoek gekoop met die geld wat julle my gegee het.

Rachelle: Hier is 'n ID!

Shani: Gee dit hier!

Liz: Julle hou net op!

Rachelle: (*Sy gee vir Shani die ID*) Ek is jammer Liz maar ons kan nie net 'n verkrachter in die huis in laat nie.

Shani: Wat is jou...Geboortedatum?

Japie: 1986.

Shani: En die maand?

Japie: Ek is gebore 21 November 1986 in die Groote Schuur Hospitaal, dit was 10h die oggend, my ma het 'n natuurlike geboorte gegee. Ek het 2 dae te vroeg gekom en die dokter was besig om gholf te speel. Hy het in sy gholfklerke my gevang en ek het hom nat gegee. Ons het toe ek 2 was Pretoria toe getrek meer spesifiek Pretoria-Noord. Florauna. Bergsiglaan. Toe ek 12 was het ons Durbanville toe getrek. Drommedaris 17. My sterreteken is die Waterdraer. Ek eet alles behalwe broccoli. Enige iets anders?

Shani: Nee.

Stilte.

Liz: Gee net vir my daai ding! (Sy gryp die skokstok by Shani) Ek sit hom hier bo op die kas. Nuwe reel: niemand raak weer vanaand aan hom nie. Ek is regtig jammer oor die kruisverhoor Japie.

Japie: Dis okay. Ek is net bly dit is verby.

Liz: Is jy nog seer?

Japie: Nee ek het als weg geskrik. Sjoe maar julle is nogal paranoid.

Liz: Ja. Die alarm lui heeltyd. Ons was maar net bietjie bang so vrou alleen, jy weet.

Japie: Ek belowe ek is nie 'n *verkragter* nie.

Kort stilte.

Liz: Jy wou jou foon charge?

Japie: Asseblief, as jy nie omgee nie. Blackberry?

Liz: Ja. Daar by die hasies.

Japie staan eenkant. Liz terug by die ander twee.

Liz: Julle behoort julle te skaam! Dit was soos 'n fokken chapter uit *Lord of the Flies!*

Sy sug en gooi 'n Rand in die "vloekbak".

Liz: Nee man, wat gaan aan met julle vanaand?

Japie kom terug.

Liz: (*saggies*) Wees vriendelik julle.

Japie: Hy moet net nog so bietjie ... charge ... Okay, dit behoort nou fine te wees.

Japie bel.

Na gehoor.

Japie: Hallo Henko dis weer ek. Dit is die sewende voicemail wat ek al gelos het. Ek staan nou in die klient se huis en bel van haar foon af want my foongeld is op. Ses voicemails doen dit nogal. Ek is jammer as ek ongeskik geklink het. Ja dit is my kar maar jy kan dit enige tyd gebruik. Ek verstaan net nie hoekom jy nie jou foon op tel nie! Soos wat jy kan aflei uit my vorige boodskappe ek het vroeg klaar gemaak, so ek wag vir jou. Ek hoop jy het 'n baie goeie rede hoekom jy nie die foon op tel nie. Jy sal nie die aand glo wat ek gehad het nie. Anyway. Maak gou! En tel jou foon op. Jaap.

Japie: Dit was op voicemail.

Liz: Aggenee.

Japie se foon lui.

Japie: Oe! Ek dink dit is hy.

Na gehoor.

Japie: Hallo? ...Hallo ma. Goed en self... Ekskuus ek was besig gewees... Okay maar ma het verniet geworry ek is fine... Ja ek het gesien. Dankie vir die huur geldjie ma... Ja ma, baie lief vir ma... Is dit? ...Ja, en toe? ... Regtig! ... Ja maar dan sal ek hom seker moet proe as ek kom kuier... Nee hy het nog nie 'n werk nie ... Ma asseblief moet nou nie weer begin nie. Hy soek, daar is niks nie... Dit het niks met ons te doen nie ... Okay maar dan hoef ma nie meer groceries te koop nie... Ek sal... Wel ek doen odd jobs hier en daar ... Okay maar ek kan regtig nie nou met ma oor hierdie goed praat nie ... Want ek is besig ... Ma asseblief moenie onsteld raak nie... Ma... (sy sit die foon neer.)

Japie: Jammer...

Liz: Nee jy hoef regtig nie jammer te sê nie.

Die telefoon lui weer. Na gehoor.

Japie: Hallo!? ...Nee ma...Natuurlik waardeur ek als wat ma vir my doen...Ek is jammer...Ek sê ek is jammer...Ma moet net nie die foon in my oor doodruk nie ma weet ek haat dit...Okay maar ek is jammer. Ons gaan nie weer oor Henko baklei nie. Dis sy lewe laat hy nou maar doen daarmee wat hy wil ... Ja ma maar hy probeer... Okay kom ons los dit net asseblief ek wil nie weer baklei daaroor nie. Ma ek kan regtig nie nou praat nie ek is by mense ... Vriendinne van my ... Ma sal hulle nie ken nie. Dis *nuwe* maatjies ... Asseblief nie ma ... Okay ... (Haal die foon van sy oor af) My ma stuur groete en sê ons moet lekker kuier...

Liz: Dankie Tannie!

Japie: Tevrede? ... Nee ma hoef nie nog geld in te sit nie ... Ons het genoeg van alles ... Ja ek sal lekker kuier ... Okay bye ma ek moet nou gaan ... Love you too... Bye... Bye... Okay bye.

Liz: Jou ma bel baie...

Japie: Ja... sy doen dit. Ek dink ek gaan maar by die Friendly vir Henko gaan wag.

Liz: Nee bly. Wat sal jy nou so in die donker daar buite gaan staan en wag. Jy bly net hier...

Japie: Dis regtig nie nodig nie.

Liz: Ek gaan nie *nee* vir 'n antwoord vat nie.

Japie: (*Hy gee in*) Okay, baie dankie. Ek is seker hy gaan nie lank wees nie. Hy gaan nou een of ander tyd sy voicemails check en dan is ek uit julle hare uit.

Liz: Jy is heelaand welkom.

Japie: Dankie.

Stilte.

Liz maak haar keel skoon.

Shani: Jammer dat ons gedink het jy is 'n *verkragter*.

Japie: Nee dis doodreg.

Rachelle: Ja, ons was baie simple. Ons kan mos sien jy lyk nie soos 'n *verkragter* nie.

Shani: O... hoe *lyk* 'n *verkragter*?

Rachelle: Ek weet nie...

Shani: "Anderskleurig"?

Liz: Ons gaan nou nie weer met die rassedeбат begin nie, dankie.

Stilte.

Japie: Ek is nogal dors.

Shani: Ons het sjampanje.

Rachelle: Dis op.

Shani: Het jy nou weer *als* opgedrink?

Rachelle: Julle het ook daarvan gehad!

Shani: Nie so baie soos *jy* nie.

Japie: As julle drank soek... Ek het mos wyn...

Liz: Nee, ons kan nie jou wyn drink nie.

Rachelle: Kan ons asseblief van jou wyn drink?

Liz: Rachelle!

Japie: Vat vir julle met liefde daarvan. Ek meen ek *is* die ongenooide gas after all.

Rachelle: Ek sal vir ons ingooi. Soek jy ook wyn Japie?

Japie: Ek weet nie of ek moet nie.

Rachelle: Ja man... 'n glasie rooi sal niks aan jou doen nie.

Shani: Ek dink *jy* het genoeg glasies gehad.

Rachelle gooi vir almal in behalwe Shani. Sy gee vir almal 'n glas.

Shani: Waar is myne?

Rachelle: (*Vals*) Skuus, ek het vergeet.

Shani gooi vir haarself in.

Liz: Op Japie...

Japie: Op my?

Liz: Ja dis die minste wat ons kan doen nadat ons jou geskok het...

Shani: Nadat *jy* hom geskok het...

Japie: Wel ten minste weet ons nou ek is nie 'n *verkragter* nie...

Rachelle: Op Japie wat nie 'n *verkragter* is nie...

Almal: Cheers!

Almal drink.

Shani: So Japie... is dit nie vir jou weird dat Rachelle gesê het sy wil jou naai nie? Of kry jy dit baie?

Rachelle: Ek het geweet dit gaan weer een of ander tyd opkom, jy is soos 'n blerrie staffie kan net nie 'n ding laat gaan nie!

Shani: Jy's die hittige hond hier rond! Het jy gedink ek gan vergeet?

Rachelle: Nee... 'n olifant vergeet mos nooit nie.

Liz: Julle het belowe. Beteken 'n belofte niks vir julle nie?

Shani: Ek sal dit los as Rachelle erken dat dit verkeerd was om so iets te se.

Rachelle: Nee, ek gaan nie. Ek sien niks verkeerd met wat ek gedoen het nie.

Liz: (*Smeek*) Los dit net asseblief.

Shani: Ek gaan nie. Ek wil weet hoekom sy so iets gesê het.

Rachelle: Ons was almal stout en simpel en ons het goed geskree wat niks beteken nie.

Shani: Als wat 'n mens sê beteken iets. Niks is *random* nie. As jy dit sê dan dink jy dit en as jy dit dink dan kan jy dit doen.

Rachelle: Dis nie waar nie.

Shani: Okay...maar erken ten minste net laat dit verkeerd was en dan los ons dit...

Rachelle: Nee ek weier!

Liz: Ek kan nie meer nie.

Japie: Is dit altyd so?

Liz: Ja altyd!

Rachelle: Ek verstaan jou nie, Shani. Als is altyd 'n issue.

Shani: Daar is goed soos reg en verkeerd. Dis baie eenvoudig.

Rachelle: Wel ons opinies oor reg en verkeerd verskil.

Liz: Julle is baie ongeskik om so voor ons gas te baklei? Kyk hoe ongemaklik is hy!

Japie: Ek is fine!

Shani: Liz, ek is jammer maar dit is nou tyd laat jy 'n kant moet kies?

Rachelle: Ja, jy kan nie net heel aand 'n draadsitter wees nie!

Liz: Ek gaan nie kante kies nie! As ek Shani se kant kies gaan Rachelle vir my kwaad wees. As ek Rachelle se kant kies gaan Shani vir my kwaad wees. Either way gaan ek 'n blomme meisie in die proses verloor!

Shani: Ek verstaan nie hoekom niemand van julle kan onderskei tussen reg en verkeerd nie.

Rachelle: Dis jou eie subjektiewe opinie oor wat reg en verkeerd is.

Shani: Okay goed kom ons kry dan 'n "objektiewe" opinie... Japie...

Japie: Huh...

Shani: Japie, wat dink jy van hierdie situasie?

Japie: Ek wil nie betrokke raak nie.

Rachelle: Niemand gaan kwaad wees nie, wees net eerlik.

Japie: Almal het geldige punte.

Liz: Nee jammer...

Shani: Dis 'n cop-out... Okay fine ons skets 'n hipotetiese scenario... Kom ons sê jou girlfriend het vir 'n ander ou gesê sy wil hom naai wat sal jou reaksie wees as jy daarvan uitvind...

Rachelle: Maar jy weet ook sy het 'n grappie gemaak...

Liz: En dis haar vriendin se Kitchen Tea... maar sy en die ander vriendin baklei die heelyd...

Almal: Wat is jou opinie?

Japie: Dis moeilik.

Almal: Antwoord dit net!

Japie: Ek het nie 'n girlfriend nie.

Die volgende spreekbeurt is gelyk.

Shani: Dit maak nie saak nie of jy 'n girlfriend het nie...

Rachelle: Dit gaan nie oor die girlfriend nie...

Liz: Sê net vir hulle, hulle is besig om belaglik te wees....

Japie: Ek is gay.

Stilte.

Shani: Is jy gay?

Japie: Ja.

Rachelle: Het jy 'n... boyfriend?

Japie: Ja, Henko is my boyfriend.

Liz: Die flatmate vir wie jy wag Henko?

Japie: Ja.

'n "Dit maak skielik als sin"-oomblik.

Almal: O.

Stilte.

Hulle almal gaan sit weer op die rusbank. Ietwat stom geslaan.

Liz: Is jy regtig gay?

Japie: Ja...

Rachelle: Jy lyk nie gay nie...

Japie: Okay...(weet nie of hy dit as 'n kompliment moet neem nie) Dankie?

Liz: Hoekom is jy gay?

Japie: Wat bedoel jy?

Shani: Wil jy nie *kinders* hê nie?

Japie: Ja ... maar ek kan aanneem.

Stilte.

Japie: Ek dink ek gaan weer vir Henko probeer bel.

Liz: Jou...maatjie?

Japie: Ja...

Aan gehoor.

Japie: (*Wag so paar minute*) Henko...as jy vir my lief is sal jy my kom haal! Okay... dit was bietjie manipulerend... Maar honestly waar de fok is jy? Dit raak nou bietjie belaglik... Jy moes my al *lankal* kom haal het... En jy is altyd laat! Ek hoop nie jy kuier nie! As jy kuier moet jy my maar eerder nie kom haal nie... Nee... Nee kom haal my asseblief...Asseblief! Lief jou. Nee. Ek is nie baie lief vir jou op die oomblik nie... Bye.

Hy bel gou terug.

Japie: Nee dit was lelik... Ek is baie lief vir jou. Maar kom haal my net asseblief! Dis weird hierso. Hulle baklei heeltyd. So kom haal my... Bye!

Hy bel weer terug.

Japie: Nee hulle is baie nice. Ek is seker hulle is nie so nie. Ek trek dit terug. Lief jou. Bye.

Die foon lui.

Japie: Hallo Henko? ... Hallo ma. Nee ons kuier nog lekker, dankie. Nee ma het net altyd so manier om te bel wanneer ek vir 'n oproep van Henko wag. Nee, dis niks nie. Nee hy kom haal my bietjie later. Ma... O regtig... Ja, Sean Penn is baie goed daarin. Ma hoef regtig nie elke gay flielik op die mark uit te neem nie. Daar is niks om te verstaan nie. Dis baie eenvoudig. Okay, ma ek gaan nie nou met ma hierdie gesprek hê nie. Bye. Love you too. Bye.

Japie gaan sit weer. Stilte.

Liz begin te lag.

Japie: Hoekom lag jy?

Shani: Liz... dis baie ongeskik.

Liz: Nee Japie ek lag nie vir *jou* nie, ek sweer ek doen nie.

Rachelle: Hoekom lag jy dan?

Liz: Niks nie.

Shani: Iets is obviously baie snaaks.

Liz: Nee dis niks nie. Kom ons los dit net.

Oomblik se stilte en dan bars Liz weer uit van die lag.

Japie: Okay...waaroor lag jy?

Liz: Dis absurd. Die hele situasie is absurd.

Japie begin saam te lag.

Shani: Ek vang dit nie.

Rachelle: Ek ook nie.

Liz: Jy het gedink sy... En sy het gesê sy... en toe fight julle heel aand... en hy is ...

Sy bars weer uit van die lag.

Shani: Dis nie snaaks nie.

Rachelle: Glad nie.

Shani: Ek dink dis Rachelle se straf omdat sy rond kyk!

Rachelle: Nee dis jou straf! Jy het heelaand aan gegaan oor iets wat glad nie 'n issue was nie!

Japie: Okay julle ek is niemand se *straf* nie!

Liz: Soos my ma altyd sê die blinde sambok bly getrou! (*Val om soos sy lag*)

Shani: Of hy nou 'n gay is of nie, feit bly staan jy wou hom naai!

Rachelle: Dit was 'n donnerse grappie!

Shani: Ek is jammer maar ek kan nie vriendinne wees met iemand wat vir hulleself lieg nie.

Rachelle: Ek kan nie vriendinne wees met iemand wat vir my wil voorskryf hoe om my lewe te leef nie.

Shani: Okay so na vanaand is ons nie meer vriende nie.

Rachelle: Dis fine met my!

Liz hou op lag.

Liz: Okay hoek toe!

Shani: Wat?

Liz: Hoek toe!

Rachelle: Is jy ernstig?

Liz: Ja! (*Juffrou is terug*) Shani gaan staan jy in *daai* hoek en Rachelle jy gaan staan in *daai* een... En dan dink julle *mooi* oor wat julle verkeerd gedoen het!

Shani: Dis belaglik.

Liz: Ek is dood ernstig.

Rachelle: Ek weier. Ek is nie 'n kind nie!

Liz: As julle dit nie doen nie kan julle maar julle handsakke vat en loop. Ek en Japie sal heerwaarskynlik 'n lekkerder tyd sonder julle hê. Ek gaan tot 3 tel. EEN, TWEE...TWEE EN 'N HALF...

Hulle doen dit.

Liz: Julle kan weer deel wees van die grootmense se gesprek wanneer julle ophou met julle kinderagtige gedrag.

Stilte.

Liz: Ek kan nie glo my kitchen tea het in so disaster ontaard nie.

Japie: Miskien moet jy vir wys watse persente jy gegkry het dan gan jy dalk beter voel?

Liz: Dankie. *Baie Dankie.* Ten minste een persoon wat besef waarom vanaand gaan. Okay... Exciting!

Sy gaan haal die persente.

Liz en Shani kyk.

Liz: Nee nee nee, julle mag nie loer nie. Julle moet vir die hoek staar totdat julle julle les geleer het... Ek kan sien hoe jy loer Shani... Jy ook Rachelle...

Japie: Is jy nie bietjie hard op hulle nie?

Liz: Dis al hoe hulle gaan leer!

Die alarm beep.

Liz: Tannie Hester het vir my 'n stainless steel ketel gegee...

Japie: Hier is 'n briefie aan... Bybel vers.

Liz: Watse een?

Japie: Korinthiers...

Liz: O..."liefde is blind"...daai een...sy het hom al 7 keer die afgelope maand vir my gesms.

Japie: My ma sms elke dag vir my 'n bybelvers.

Liz: Omdat jy gay is?

Japie: (*Ongemaklik*) Nee...sy doen dit maar net... Omdat sy vir my lief is. Haar manier om te sê sy dink aan my...

Liz: Dis oulik.

Die alarm beep.

Liz: Karen het vir my Braun Multiquick 3 hand processor gegee.

Die alarm beep weer.

Shani: Hoor julle nie dit nie!

Liz: Shani julle *timeout* is nog nie verby nie...

Shani: Ek is jammer maar daai alarm gaan my mal maak.

Liz: Ek kom dit nie eers agter nie.

Rachelle: Dis regtig *baie* irriterend.

Japie: Kan jy dit nie afsit nie?

Liz: Ek weet nie waar die keypad is nie.

Shani: Okay maar kan ons dit ten minste soek?

Rachelle: Ja asseblief!

Die alarm beep nog 'n keer.

Liz: Goed. Maar julle gaan nie weer begin strei nie!

Shani: Ek gee op. Dis haar lewe. Sy kan doen daarmee nes sy wil.

Rachelle: Sy is reg. Dit is my lewe. Ek gaan dit ten volle geniet. Ek hoop eendag sy leer om dieselfde te doen.

Die alarm beep weer.

Shani: Kan ons asseblief net daai blerrie alarm gaan soek!?

Liz: Okay, maar nie 'n word nie.

Hulle begin in die sitkamer te soek.

Liz, terug by die persente.

Liz: 'n Luminarc 7-piece whiskey karaffie en glase stelletjie

Japie: En jy het 'n Jiale cookie cutter...

Die alarm beep weer.

Shani het 'n draad beet.

Shani: Ek het 'n draad... ek dink hy gaan na iets toe... na die lampie toe. Shit.

Liz: Moenie vloek nie asseblief.

Sy gooi 'n rand in die vloek bak.

Japie: 12 Cup Muffin Pan.

Liz: 'n Carrol Boyes melkbeker.

Rachelle: Wag ek dink ek het iets? Nee dis net 'n fokken plug.

Liz: Nog 'n rand dankie.

Rachelle gooi 'n rand in die vloek bak.

Liz: 'n Brita Marella extra large water purifier.

Japie: Hoe werk dit?

Liz: Man, dis bitter handig. Jy gooi sommer gewone kraanwater...

Rachelle en Shani loop slaapkamer se kant toe.

Liz: (*Kyk nie eens op nie*) Waarnatoe gaan julle?

Shani: Ons wil in die res van die flat kyk!

Rachelle: Dis definitief nie in die leefarea nie.

Die alarm beep weer.

Shani: Ek dink ek gaan begin huil.

Rachelle: Dis regtig genoeg om 'n mens mal te maak!

Liz: Wanneer laas het julle iets gehad om te eet?

Shani: Vanmiddag.

Rachelle: Vanoggend.

Liz: Sien *dis* hoekom julle so geïreerd die heelaand is. Gaan kyk of die hoender al reg is.

Shani: O ja!

Rachelle: Ja miskien is die alarm in die kombuis!

Liz: Okay...maar nie 'n piep nie.

Hulle gaan af. Alarm beep.

Liz: Dis goed om hulle met *iets* besig te hou.

Japie: 'n Home Discovery coffee plunger.

Liz: 'n 16-piece Hanging Cultery set.

Japie: 'n nylon pastry brush.

Liz: Carel se meisie... Cheapskates.

Japie: En jy het 'n koekroller.

Liz: My ma het vir my *Boardmans se non stick cooking set* gekoop. Dis die groot een. Dis in die kombuis.

Japie: Hier is 'n boks wat jy nog nie oopgemaak het nie!

Liz: Laat ek dit gou oopmaak.

Sy doen.

Japie: Wat is dit?

Liz: Ek weet nie. Daar is geen labels nie?

Japie: Wag kom ons kyk na die instruction manual...

Liz: Wat sê dit?

Japie: Dis in Chinees.

Liz: Is daar nie 'n engelse weergawe nie.

Japie: Hier is die Spaanse een.

Liz: Wat is die ding?

Japie: O hier is dit... *Bullet Express Trio!*

Liz: O dis daai Glomail mixer!!!

Japie: Ja, 'n Glomail mixer...Met *drie* speed functions!

Liz: Hy kan shread en slice en mix en dice! Dis amazing! Ek wou nog altyd een gehad het.

Japie: Kom ons toets ons hom uit...

Liz: Okay...

Japie: Lees *jy* die instructions en dan sit ek hom aanmekaar...

Liz: Okay, Okay, Okay. (*sy lees*) "Important Safeguards and cautionary information"... "For your safety, carefully read all instructions before operating bullet express trio."

Alarm beep.

Japie: Klink scary!

Liz: Ja dit doen...

Japie: Ons sal dit later lees. Kom by die "how to assemble uit"!

Liz: "Assembling the bullet express trio"... "Put the slicer shredder on the motor body and then place the slicer, shredder bowl on the slicer shredder gear body, be careful not to damage the slicer shredder disc..." Ek verstaan nie wat dit beteken nie...

Alarm beep.

Japie: Is *dit* die "slicer shredder body" (*Hy lig dit op*) en *dis* die "slicer shredder bowl"? (*Lig die ander een*)

Liz: Ek dink *daai* is die "slicer shredder disc"...

Hulle raak soos 'n getroude paartjie.

Japie: Is jy seker?

Liz: Nee...

Japie: Kyk na die prentjie...

Liz: Ek verstaan nie die prentjie nie...

Japie: Wat bedoel jy, jy verstaan nie die prentjie nie?

Liz: Ek verstaan dit nie!

Japie: Gebruik jou oë!

Liz: Moenie op my gil nie!

Japie: Ek gil nie...maar jy is die een met die manual in jou hand...

Liz: Ek kan nie kop of stert daarvan uitmaak nie.

Japie: Gee dit net vir my...

Hy kyk.

Japie: Okay. Hierdie is die disc en hierdie is die blade.

Liz: Ek gaan 'n glas wyn drink.

Die alarm beep.

Japie: Gan jy my nie help nie?

Liz: Nee dit maak my angstig.

Japie: Okay maar geniet jou glas wyn terwyl *ek* al die werk doen.

Liz: Moenie op my gil nie.

Japie: (*gil*) Ek gil nie!

Shani en Rachelle is terug. Hulle lyk briesend. Terwyl hulle praat sit Japie die mixer aanmekaar.

Die alarm beep.

Shani: Okay ons het *nie* die keypad gekry nie.

Rachelle: Ons het oral gesoek.

Die alarm beep weer.

Shani: So dit was actually die *goeie* nuus.

Rachelle: Die slegte nuus is...

Japie: Dammit kan julle nie *sien* ek probeer konsentreer nie!

Liz: Wat is die slegte nuus?

Rachelle: Wys vir haar Shani.

Shani haal die rou hoender wat sy agter haar rug weggesteek het uit.

Liz: Nee!

Shani: Jy het nooit die hoender in die oond gesit nie!

Liz: Wat!

Rachelle: Die *een ding* wat jy vanaand moes doen!

Shani: Jy het die audacity om *ons* soos kinders te hanteer!

Liz: Ek is jammer julle, ek het heeltmal vergeet...

Rachelle: Nee moenie jammer sê nie!

Shani: Weet jy hoe lus was ek nou vir hierdie hoender?

Rachelle: Het jy enige idee!

Liz: Moenie op my gil op my kitchen tea nie!

Rachelle: Ag shutup nou oor jou donnerse kitchen tea!

Shani: Dis al waaroor jy die hele aand kan praat! Soos 'n regte Barbie pop!

Liz: 'n Barbie pop?

Shani: Ja, Barbie pop...*Barbie en Ken se dream wedding.*

Rachelle: Jy is die een wat moet groot woord en ophou huis huis speel...

Liz: Ek is nie Barbie nie...ek is nie eers blond nie!

Shani: Ag komaan, Liz... enige persoon met 'n halwe breinsel kan sien daai bruin kom uit 'n boks!

Liz: Julle is besig om so vieslik te wees!

Rachelle: En hou op om in 'n babastem te praat.

Shani: Jy gee nie genoeg om oor ons vriendskap om ten minste 'n opinie te hê nie.

Liz: Ek het nie een nie.

Rachelle: Barbie gaan breek in enige konflik situasie!

Liz: Stop dit! Julle haal nou *julle* fight op *my* uit!

Shani: So hier is dit nou Liz... 'n rou hoender... die simbool vir wat ons vriendskap eintlik vir jou beteken.

Rachelle: Salmonella vriendskap.

Shani: Als gaan oor jou...

Rachelle: ...en jou simpel troue!

Shani: Dit het jou hele lewe geword.

Rachelle: Ons ken jou nie meer nie.

Shani: Jy was *nooit* so selfgesentreërd nie.

Liz: Ek kan nie glo julle sê hierdie goed vir my nie! Oor 'n blerrie hoender!

Shani: Moenie worry nie Liz... Ons sal fine wees...

Rachelle: Ons het 'n komkommer en twee tamaties in die yskas gekry...

Shani: ...Ons sal *dit* maar eet!

Die alarm beep.

Shani: En watse mens weet nie waar die fokken alarm is nie!

Hulle gaan sit.

Japie het uiteindelik die mixer aan mekaar gesit.

Japie: YES! YES! EK HET DIT GEDOEN! FOK JOU BULLET EXPRESS TRIO! JYS MY BITCH NOU!

Al drie meisies staar net die mixer aan.

Japie: Kom ons toets hierdie baby uit... Gee sommer daai tamaties hierso...

Japie druk die tamaties in die mixer. Hy sit dit aan.

Japie: DIT WERK!

Liz gil.

Liz: AAH!

Die gil word 'n tipe asma-aanval.

Japie sit die mixer af.

Sy doen dit. Na 'n ruk kalmeer sy.

Liz: Ek's jammer...Ek weet nie wat my makeer nie. Dis daai DING! Daai ding maak my MAL!

Japie: Dames en Here "A is vir Angs" ...

Ligte verskuif.

Aan gehoor.

Liz: Die Bullet Express Trio. Lewensgroot op die manual. FOR YOUR SAFETY CAREFULLY READ ALL INSTRUCTIONS. Hoekom kan hulle nie vir mens 'n instruction manual gee na skool nie. HOW TO BE AN ADULT. Partykeer voel dit vir my asof ek in 'n mixer gegooi is. Ek moet koes of een van daai skerp lemme gaan my kop af kap. Koljander koljander so deur die bos. My ma en pa kook lekker kos terwyl die kinders verstik aan 'n druiwe tros. Ek het hopeloos te veel druiwe in my mond gestop nou weet ek nie hoe om als af te sluk nie. Groot word voel soos 'n resies. Ons moet so vinnig as moontlik na universiteit groot word. Verantwoordelikheid aanleer. Verantwoordelik wees. Lisensie. Flat. Huur. Tax. Self inkopies doen. Self wasgoed was. Self kook. Werk. Werk. Werk. Werk. Geld maak. Tyd maak vir sosiaal bly. Goeie verhoudings kweek. Trou. Dis 'n resies koljander en die laaste een se kop word afgekap. Ek geniet dit. Die adrenalien van groot word. Maar dis so vinnig. Ek kry nie tyd om behoorlik te beplan nie. Ek hou van beplan. Ek is goed daarmee. Matriek: 6 A's. Eerstejaar ontmoet ek my trouman. 23 moet ek by 'n skool werk. 25: trou. 27: eerste kind. 29: tweede kind. My eie instruction manual. Vir my lewe. Die Bullet Express Trio. Comes with three speed settings. Op die oomblik is die dial na "spoed van lig" gedraai. Soos 'n skoppelmaai. 'n Skoppelmaai wat my ouers my altyd in gestoot het. Ek kan myself aan die gang skop, pappa. Moenie te hard stoot nie, mamma. Die kettings gaan breek en ek gaan in die ligruim skiet. Of 'n rondomtalie. Geverf met al die kleure van die reenboog. 'n Rondomtalie wat nie stop nie. Die seuntjie op die speelgrond speel nie mooi nie. Hy stoot hom vinniger en vinniger. Ek wil afklim. Die reenboogkleure smelt as saam en word bruin. Bruin soos poef. Rondomtalie draai die ou wereld. Ek wil afklim. Dit gaan te vining, ek gaan opgooi. Toe ek al my persente uitpak toe trek my bors toe. Dis 'n kombuis. 'n Kombuis. Ek gaan heeldag en aldag in die kombuis wees. Ontbyt – roereiers in my nuwe *Boardmans stainless steel pan*. Roosterbrood in my *four slice Mellerware toaster*. Vars lemoene appels en pere in my *Bullet Express Pro*. Skottelgoed. Middagete. Haal uit die *Upperware*, ek pak vir ons Blueberry muffins wat ek die vorige aand gebak het in my *6 cup muffin pan* in. Dis goedkoper om kos saam te vat werk toe. Skottelgoed. Aandete. Hoenderborsies gevul met bokmelkkaas en kruie in my *@Home casserole dish*. Tyd vir ons sepies. Skottelgoed. Skottelgoed. Skottelgoed. Bed. Wekker opstaan. Nuwe dag. Kombuis toe. Ek moet my *nylon pastry brush* uit probeer – vir fok weet wat. My kop draai. Ek gaan my hele lewe in die kombuis spandeer. Daar is nog te veel goed wat ek wil doen. Ek wil leer Spaans praat. Ek wil gedigte skryf. Ek wil vadersnaam eendag AGAAT klaar lees. AS julle my soek ek is in die kombuis. Ekt waarskynlik uit verveeldheid die kitchen timer ingesluk. Maak maar net 'n gat in my keel met die *julienne peeler* ek sal seker eendag weer bykom. Swak beplanning Lizette, soos my ma sou se. Te vinnig. Als is te vining, Koljander. Moenie my kop af kap nie. Ek kry nie eens tyd om die instruction manuals te lees nie. Ek hou van beplan. Ek hou van my lewe kompartementaliseer. My appels apart. My pere apart. My lemoene eenkant. My lewe is gedonner in 'n blender. Ek is in 'n blender. Rondomtalie draai die ou wereld. Ek wil afklim.

Ligte verskuif na normaal. Alarm beep.

Stilte.

Japie: Ek weet wat jou gaan opcheer... 'n Liedjie... ek speel vir ons 'n liedjie... dit is 'n party after all.

Japie gaan na die CD speler toe.

Japie: Wat is die?

Lig 'n paar rooi duiwelshorings met liggies in.

Rachelle: Liz was veronderstel om daarmee uit te gaan. Deel van haar bachelorette pakkie.

Liz: Dis nie 'n bachelorette nie.

Rachelle: Nee dit is nie. Ek wens dit was maar ons sit mos heelaand en drink lemoensap en praat oor trou.

Shani: En eet rou hoender!

Liz: Julle kan loop as dit nie vir julle lekker is nie. Julle het dit in elk geval opgefok.

Rachelle: Dis vir niemand lekker nie.

Japie: Ek geniet myself. (*Japie sit die duiwelshorings aan*). As Henko my nou moet sien. (*Hy lag vir homself*)

Hy soek 'n CD.

Japie: (*Vind iets*) WAT!!!! EK kan nie glo julle het dit nie!

Hy speel Spice Girls se "Wannabe"

Japie: Komaan julle kom dans bietjie! Liz?

Liz: Ek wil nie...

Japie: Rachelle?

Rachelle: Ek is nie lus nie!

Japie: Shani?

Shani: Fokof!

Na 'n ruk gee hy op en sit die liedjie af.

Japie: Okay fine, wees maar so.

Japie bel weer vir Henko.

Japie: WAAR IS JY HENKO!?

Hy sit die foon neer. Alarm beep.

Japie: Ek mis die 90s.

Rachelle: Ek ook.

Japie: Veral die kinderprogramme... soos Brakenjan.

Liz: Mina Moo.

Shani: Haas das.

Rachelle: Wielie walie.

Japie: Moomin.

Liz: Heidi.

Shani: Dawie die Kabouter.

Rachelle: Gummi Bears.

Japie: Alladin.

Shani: Hoor hier, *enige* Disney movie...

Japie: Toe hulle nog sing-alongs gehad het...

Liz: Ek huil as ek daai Disney movies nou kyk...

Rachelle: Lion King...

Japie: Little Mermaid was die beste...

Shani: (*sing, kan goed of baie sleg wees*) I wanna be where the people are... I wanna see, wanna see 'em dancing... walking around on those... whats that word again...

Japie: Feet!

Almal: Up where they walk, up where they run, up where they stay all day in the sun... wandering free, wish I could be... part of that woooooooooooooooooorld.

Liz: Kinderpartytjies was die beste. Springkastele en rooi koeldrank.

Rachelle: Marshmallows en jelly tots... toe ons nog hoog op suiker geraak het...

Japie: Teen die einde van die partytjie was daar altyd kaaskrulle in die swembad.

Shani: Nee Graad 5 partytjies was beter. Swem heeldag. En as dit donker raak het almal in hulle handoeke in die lapa gaan dans.

Liz: Terwyl die oom vir ons braai het ons choreografie op Vengaboys uitgewerk.

Rachelle: As daar 'n vasdans nommer gespeel het, het onsge-“close gedans”...ek het my eerste vry op Goo Goo Dolls se Iris gehad.

Shani: Die musiek! Die musiek in die 90s was die beste.

Japie: Als was great in die neentigs.

Liz: Egoli was nog opi tv.

Shani: Toe mens Egoli nog kon kyk.

Rachelle: Toe Tannie Nora nog klere gemaak het.

Liz: Toe Tarien en Bientjie nog in die huis gebly het.

Japie: Toe Bertie nog oulik was en nie scary nie.

Stilte.

Alarm beep.

Shani: Die 90s... toe Rachelle nog nie 'n slet was nie.

Rachelle: Toe Shani nog nie 'n bitch was nie.

Shani: Ek is nie 'n bitch nie.

Hulle almal lag.

Liz: Jammer Shani maar jy is 'n bitch.

Rachelle: Dankie!

Shani: Wat?

Liz: Voordat ons vriende was op skool was ek bang vir jou.

Japie: Toe ek vanaand in hierdie flat instap was ek bang vir jou.

Shani: So ek is 'n bitch?

Rachelle: Ja.

Shani: Ag fok julle almal.

Shani gaan steen eenkant.

Liz probeer gesprek maak.

Liz: Japie, wou jy nog altyd 'n “eksotiese danser” wees...

Japie: Natuurlik nie.

Liz: Wat wou jy doen?

Japie: Dis simpel.

Liz: Nee vertel!

Japie: Ek wou 'n akteur wees. Wel ek wil nog steeds.

Rachelle: Regtig?

Japie: Ja. Ek dink dit was 'n kombinasie van Desembermaande by Pretoria-Noord se Video Den werk en Drama Eisteddfods.

Liz: Hoekom pursue jy nie dit nie!

Japie: Te bang. Ek weet ek moet seker 'n agent probeer kry, ek kom net nie daarby uit nie. Oh well. Stripping is goeie geld.

Shani: So ek is 'n bitch?

Rachelle: Ja jy is 'n groot bitch.

Shani: Fine, dan is ek 'n bitch. Julle sal ook *bitches* wees as julle onder dieselfde finansiële druk as ek was.

Rachelle: Hier kom dit alweer..."*Ek werk vir my geld*"

Liz: "Ek is onafhanklik van my ouers"

Rachelle: "Ek moes op 'n studielening swot"!

Shani: Dis als waarheid!

Rachelle: Ja maar *als* gaan nie oor geld nie Shani...

Liz: Ja Shani partykeer moet mens jou drome volg! Soos Japie!

Japie: Wat?

Liz: Jy moet 'n agent kry, en famous word en op sewende laan kom! Jou drome volg!

Shani: Ek is jammer maar *net* mense wat geld *het*, het die luxury om dit te kan sê...Om te sê dit gaan nie oor geld nie, mens moet jou drome volg. Dit gaan *als* oor geld. Net omdat ek 'n bietjie met verf kan speel beteken nie ek gaan my hobby my career maak nie. Mens kan nie altyd net doen wat vir jou *lekker* is nie. Dis hoekom mens dit "werk" noem.

Rachelle: Geld maak mens nie noodwendig gelukkig nie.

Shani: Se iemand wat geld het. Jy kry nog sakgeld.

Rachelle: Ek swot nog so hulle help my uit! Fucking sue me!

Liz: My ouers help my ook so nou en dan uit.

Japie: My ma betaal alles.

Shani: Wel, ek is honderd persent onafhanklik van my ouers. lewers moet mens groot word.

Liz: Ja maar dis nie asof jy op die broodlyn lewe nie...

Shani: Nee, maar ek budget. Ek doen odd jobs wat nie vir my "lekker" is nie. Maar ek moet teen die einde van die maand my huur kan betaal. So ek suck it up en doen dit want elke bietjie help.

Rachelle: Shame Shani... mens kan nie so lewe nie.

Shani: Moenie my jammer kry nie! Moenie my fokken jammer kry nie! Ooh, maar jy love dit! Don't fucking patronise me!

Rachelle: Al wat ek sê is mens kan nie so ingat lewe nie, Shani. lewers moet mens onthou om die lewe te geniet.

Shani: Ek lewe baie lekker dankie. Ja, ek *budget* maar daar is 'n paar luxuries wat ek myself gun.

Japie: Dames en Here, W is vir Woolies Chicken.

Ligte verskuif. Alarm beep.

Shani: Ek is jammer, maar as daar een ding is waarop ek nie wil budget nie, is dit 'n Woolies chicken. Ek sal eerder one ply in plaas van two koop as ek ten minste my Woolies chicken kan bekostig. Die ander hoenders proe soos vismeel. Daai battery hoenders. Hulle proe soos vismeel. As jy hulle uit die plastiek uithaal dan ruik hulle sommer so na vis. Hoender moet nie soos vis ruik nie. Hoender moet nie soos vis proe nie. 'n Hoender is 'n hoender, nie 'n vis nie. Daar is net geen hoender wat proe soos 'n Woolies hoender nie. Die ander hoenders, die battery hoenders word vol hormone gepomp. Eks jammer maar ek wil my Woolies chicken kan bekostig. Ek maak hom met 'n Jamie Oliver resep, jy druk 'n suurlemoen in sy... jy weet... dan loop al die juices in die hoender in. Of ek maak my ma se sjerrie hoender - dis net so lekker. Jy kan net daardie resepte maak met 'n Woolies hoender. Ek budget. Ek vergelyk pryse. Ek sal by *die* winkel dit koop, maar by *daai* dat. Maar ek koop altyd Woolies se chicken. Hoekom? Want dit is fokken lekker. 'n Lekker free range hoender wat iewers op 'n plaas grassies en mielies gepik het...'n Hoender wat 'n lekker vol lewe gehad het. Dis die hoender wat ek wil eet. Ek beny daardie hoenders hulle eenvoudige lewens. Ek wil ook op 'n plaas bly en heeldag wurms uit die grond uit trek. Ek wil nie in 'n kantoor gaan sit en wag vir my hoeveelste interview by die hoeveelste company met nog 'n ongeskikte sekretaresse nie. BITCH. Ek is meer gekwalifiseerd as jy. Wel, ek sal eerder in 'n kantoor sit as in my flat sit en wag vir die oproep... Die oproep wat weer eens se ons "soek nie nou vir mense nie." Hoekom moes ek dan kom vir 'n onderhoud? "Jy het ongelukkig nie genoeg ondervinding nie." Wanneer gaan ek ondervinding kry as julle nie vir my die werk gee nie? Mens moet werk om ondervinding op te doen. Maar mens moet onthou: "ons is in 'n resessie". Ek weet nie eens wat dit beteken nie. So ek wag maar. Ek wag in die kantoor. Ek wag dat die bitchy sekretaresse van haar foon af klim. Ek wag vir haar om te se ek moet nog wag. Ek wag vir die interview. Wag. My hele lewe bestaan uit wag. Wag in die fliekry. Die popcornry. Die toilets. Wag in traffic. Wag by Binnelandse sake. Wag in die tax-ry. Wag in die Woolies ry....Ons is nie soos woolies free range chickens nie... Ons loop nie rond iewers op 'n plaas nie. Ons sit in ons flats, kantore en huise... boksies... hokkies... soos batteryhoenders... en ons wag. Soos battery hoenders prop ons onself vol kos met niks voedingswaarde nie en te veel hormone en maak onself lekker dik. Dis wat ek gaan word. 'n Oorgewig batteryhoender wat sit in my flat en wag vir die resessie om oor te waai. Sit in my flat en wag om 'n werk te kry. Sit in my flat en wag om dood te gaan. Soos 'n battery hoender. Ek't gelees hulle sny hulle pote af en sit hulle in 'n piepklein hok. Dan skyn hulle 'n lig op hulle sodat hulle heelyd vreet. Dis verskriklik. Party van hulle begin mekaar te vreet. Die hormone maak hulle mal. Soos die bitchy sekretaresse. Sy pik op my want ek gaan haar werk steel. Daar is nie genoeg mieliepitte op die werf vir almal van ons nie! Ek doen odd jobs hier en daar. Ek merk vraestelle oor Desember. Ek waiter by fancy restaurante. Ek pak rakke by Pick 'n Pay. Ek het by 'n universiteit gaan swot for fuck sakes. Ek het 'n graad. 'n Graad waarborg nie 'n job nie. Ek het 'n job. Freelancer. Klink soos 'n vloekwoord. 'n Odd job. Dit se dit als. "Odd" Job. Daai odd jobs gaan nie vir my 'n Woolies chicken waarborg nie. Ek wag maar vir my break. Dit gaan een van die dae kom. Ek moet net vasbyt. Ek soek. Ek soek 'n werk. Ek soek my Woolies free range chicken. Ek wil 'n free range chicken wees. Ek is 'n battery hoender.

Stilte. Alarm beep.

Rachelle: Is als okay tussen jou en Shuan?

Shani: Wat?

Rachelle: Ek vra of als okay is tussen jou en Shuan. Jy is al heelaand edgy.

Shani: Wel as daar was het dit definitief *niks* met *jou* uit te waai nie!

Rachelle: Ek vra maar net...

Shani: Hoekom? Is als okay tussen jou en Dirk?

Rachelle: JA!

Shani: O, ek wonder maar net want jy het vanaand gese jy wil iemand anders naai!

Liz: Hier begin dit al weer.

Rachelle: Weet jy wat, Shani? Dalk is die rede hoekom jy nie 'n werk kry nie, *nie* omdat daar nie werk *is* nie, maar omdat niemand jou wil aanstel nie. Jy is 'n beteweterige bitch!

Shani: Wat sê jy vir my?

Rachelle: Ek sê jy is 'n beteweterige bitch! Ek kan jou nie eens vertel van my nuwe hond nie dan sal jy op jou selfoon klim en my probeer reg GOOGLE.

Shani: Ek was net besorg oor julle nuwe hondjie...

Rachelle: Jy is altyd "besorg"...

Shani: Ja, Rachelle want jy is nog 'n kind!

Rachelle: Ekskuus!

Shani: Jy is 'n kind. Jou ouers het jou bederf en indulge en nou doen Dirk presies dieselfde. Ek dink partykeer jy weier net om groot te word. Ek meen hoe moeilik kan Antieke Kulture 178 nou regtig wees!

Rachelle: Sien dis waarvan ek praat... Bitch!

Shani: Wel ten minste is ek nie 'n rassis nie!

Liz: Ek gee op. Ek gaan net drink!

Japie: Julle hou bietjie op om te baklei toe!

Shani: Bly julle twee net hier uit!

Rachelle: Ek is nie 'n rassis nie!

Japie: Ons is almal so klein bietjie rassisties!

Shani: Mens praat nie van "anderskleuriges" nie, Rachelle!

Rachelle: Wat is ek veronderstel om te sê?

Shani: Wel, jy sê in elk geval net wat jy wil. Jy besit oor geen sosiale filter nie... soos 'n kind!

Rachelle: Jy is definitief nie my ma nie, so hou op om my te prober opvoed. Ek weet hoe om na 'n fokken troeteldier te kyk.

Shani: O, sê dit vir Felix!

Rachelle: Dit was 'n ongeluk!

Japie: Wie is Felix?

Liz: Lang storie...

Rachelle: Felix was ons kat. Ek het vlieë gif uitgesit... toe eet Felix per ongeluk daarvan...

Japie: Is hy okay?

Shani: Nee, hy is dood.

Japie: Dis verskriklik.

Rachelle: Dit was nie my skuld nie.

Shani: Jy het die gif in hoender toegedraai!

Rachelle: Ek moes hulle op een of ander manier na die gif lok...

Japie: Jy is 'n moordenaar.

Rachelle: Nee ek is nie.

Liz: Dit is pretty much moord.

Rachelle: Ja okay... ek het hom vermoor!

Shani: En sy is nie eens vir een oomblik spyt nie.

Rachelle: Jy is reg, ek is nie. Ek hou nie van fokken troeteldiere nie.

Japie: Watse tipe mens hou nie van troeteldiere nie?

Rachelle: Ek! Dis abnormaal vir mense om diere aan te hou. Hulle is vuil, harig en hulle stink!

Liz: Jy's 'n monster!

Shani: Ek hoop maar net daai nuwe hond kom nie iets oor nie!

Liz: Muis!

Japie: Wie is muis?

Liz: 'n "Miniature Pincher".

Rachelle: Weet jy wat, ek sal nie omgee as daai fokken hond gif in kry nie!

Liz: Rachelle!

Rachelle: Ek is ernstig.

Shani: Rachelle the Ripper strikes again.

Liz: Dis net 'n hondjie!

Rachelle: Sy is 'n terror!

Japie: Is 'n miniature pincher nie daai klein mini Doberman goedjies nie?

Rachelle: Ja, dis muis!

Japie: Hoe kan daai klein ding 'n terror wees?

Rachelle: Julle ken haar nie. Sy is nie normaal nie. Sy is 'n psycho. Sy maak my bang. Ek hou niks van haar nie. In fact, ek haat haar!

Japie: Dames en here... T is vir Troeteldiere.

Alarm beep.

Rachelle: Ek haat Muis. Dis seker irrasioneel van my. Maar ek kan julle waarborg sy haat my ook. Van dag een af het ek en Muis nie van mekaar gehou nie. Ja, okay, ek moet erken ek hou nie van diere nie, maar vir Muis haat ek. Muis is anders, sy is evil. Moenie lag nie. Ek is ernstig. Die dag toe Dirk haar daar aan bring... "Surprise!"... Ek was nie seker hoe om te reageer nie... So toe maak ek maar of dit die beste ding in die wereld was. Hy het Muis op my skoot gesit... ek sal dit nooit vergeet nie... haar wasige kraalogies... haar hele lyf het gebewe. Ons het so stip in mekaar se oe gekyk, haar bo lip het met so milimeter gelig en ek sweer dit het geklink asof sy se: "Fok jou". Toe kots sy op my. Dit was nie normale kots nie, dit was sulke groen goed. Duiwelskots. Dirk het eers gelag en toe raak hy bekommerd. Nie oor my nie, oor Muis. Hy wou haar veearts toe vat. Maar 'n paar minute later het sy in die flat rondgehardloop. Dit was eers toe hy badkamer toe is dat sy op die bank gespring het en langs my kom sit het. Sy het begin grom maar dit het geklink asof sy lag. "He he he ekt gewen." Daai dag het Muis oorlog verklaar. Sy grom amper elke dag vir my. Nie altyd nie. Sy is slim, sy grom nie as Dirk by is nie, dan is sy sweet en sy kom sit op my skoot en laat haar tongetjie so uithang want sy weet Dirk dink dis oulik. "Kyk bokkie muis is lief vir jou." Sodra hy loop dan grom sy weer. As ek voor die rekenaar sit dan kom staan sy by my voete en dan ruik ek ewe skielik net so suur stank wat van onder af kom dan besef ek dit was Muis wat gepoep het. Sy is aspris. Sy doen dit nooit as Dirk daar is nie. Sy kou al *my* skoene nooit Dirk s'n nie. Duiwelshond. Ek haat haar. Die ergste van ALS is ek weet Dirk het haar vir my gebring as 'n toets... 'n Toets om te sien

of ek kan kyk na iets wat lewend is. 'n Baba. Ons kind. Hy noem Muis dit. Ons kind. Hy toets my om te kyk of ek 'n goeie ma eendag sal wees vir sy kind. Nie net is Muis sy kind nie, sy is 'n spioen. Sy kan my gedagtes lees. Sy grom spesifiek altyd vir my as ek betwyfel in my en Dirk se verhouding. Almal twyfel nou en dan. Dit is normaal. Ek wonder of ons te vroeg getrou het. Ek wonder of ek vir die res van my lewe met hom wil wees. Ek wonder of ek wil kinders he. Alles normale gevoelens. Maar Muis laat my nie toe om te betwyfel nie, Muis grom as ek twyfel, Muis pis op die mat as ek aan myself vat... Ek haat Muis. Maar ek het eers nou die dag besef hoekom ek haar haat. Ek't so gesit en kyk na haar op die bank. Muis is 'n wrak... 'n senuwrak. Sy bewe. Sy lyk heeldag en aldag aan die rant van trane. Sy grom vir almal en alles om haar. En toe tref dit my: ek is Muis. Of Muis is 'n simbool vir wie ek gaan wees oor 'n paar jaar van nou af. 'n Bewende, tranerige wrak, petite en klein soos my baas van my hou, 'n neurotiese, miniatuur weergawe van myself wat heeldag alleen in die huis sit en vreet en wag vir my baas om huis toe te kom. En as hy by die huis kom dan waai ek my boude in sy rigting om te wys hoe dankbaar ek is vir die dak bo my kop en die kos in my bak. Ek haat muis. Ek haat haar, want een van die dae gaan ek in haar verander.

Kort stilte. Alarm beep weer.

Shani: Ja wel, die hond is nou jou verantwoordelikheid so jy moet nou maar mooi na haar kyk. Verantwoordelikhede is nie altyd lekker nie. Maar dis nou maar hoe dit is!

Rachelle: Haal net die blerrie wortel uit jou hol uit man! Jy raak nes jou ma!

Shani: Hou jou bek van my ma af!

Rachelle: My ma hulle nooi nie eens meer *jou ma* brunch toe nie want jou ma is snobbish, snooty, stuckup en beteweterig. Niemand wil met so persoon vriende wees nie, nog minder hulle by 'n werk aanstel.

Shani: O regtig, Rachelle? Dis ironies, want my ma sê dat hulle nie meer jou ma na enigiets toe nooi nie, want sy is loud, drink te veel, se net wat sy wil en sy is kommin. Dis waarnatou jy oppad is: iemand met geen sosiale filter nie wat weier om groot te word. 'n Kommin, kinderagtige slet nes jou ma!

Rachelle: Wel ten minste is ons ryk!

Shani: Wel, trou nou maar vir geld nes jou ma, maar ten minste het *my ma* 'n graad!

Rachelle: Wat sy deur *Unisa* gekry het!

Shani: My ma is baie beter as jou ma.

Rachelle: My ma is die beste!

Japie: Is julle ma's ook vriendinne?

S+R: JA!

Japie: Ek dink nie dis baie gesond nie.

Liz: Ja wel, soos my ma altyd sê...

Rachelle: Ons gee nie om wat jou ma te sê het nie!

Liz: My ma is 'n baie wyse vrou!

Shani: Jou ma is nes jy, 'n fokken koek!

Japie: Whoa! Ek dink nie julle moet mekaar se ma's aanval nie!

Shani: Maak nie saak wat jy oor my of my ma sê nie, jy het vanaand gesê jy wil iemand anders naai. Niks wat ek doen kan ooit so fucked up wees nie.

Rachelle: O, so dis hoe jy van nou af elke fokken argument gaan wen - deur *dit* op te bring!

Shani: Ja!

Liz: Ek is jammer, maar julle besoedel my ore nou al heel aand en skuld al amper vyftig rand vir die vloekvark!

Japie: Vloekvark?

Liz: 'n Rand 'n vloek!

Shani: Ek het nie meer geld nie

Liz: Gebruik dan ander woorde! Meneer vark, watse ander woorde kan hulle gebruik... hmm? FOP?... Hoor julle: Fop!

Rachelle: Fine...Ek foppen haat jou Shani.

Shani: Ek foppen haat jou meer.

Liz: Julle haat *my* die foppen meeste!

Japie: Julle is foppen kinderagtig.

Die alarm beep.

Shani: Ek is honger. Die hoender is rou so ek sal nou maar die komkommer eet.

Rachelle: Nee die komkommer is myne!

Shani: Die *tamaties was jouné!*

Rachelle: Nee jy wou die tamaties gehad het so de gaan drink jou sap!

Shani gryp die komkommer. Rachelle gryp dit terug. Raak 'n "tug o' war".

Shani: Los dis myne!

Rachelle: Nee dis myne!

Shani: Los!

Rachelle: Los jy!

Japie gryp die komkommer en gooi dit in die mixer.

Japie: Nou is dit niemand se foppen komkommer nie!

Kort stilte.

Shani: Ek was regtig honger. *(Sy begin te huil)*

Rachelle: Ek ook. *(Sy begin te huil)*

Liz: Sien jy nou wat het jy gedoen?

Japie: Hoe is dit nou my skuld?

Liz: Jy het hulle komkommer in die blender gegooi!

Japie: Want hulle het baklei daaroor!

Liz: Nou moet ons luister hoe hulle tjank!

Japie: Dis *jy* wat nie beheer oor hulle het nie!

Liz: Moenie op my gil nie!

Japie: Ek gil nie!

Liz begin ook te huil.

Japie: Ek kan nie meer hierdie malhuis hanteer nie. *(Hy huil nou ook)*

Hulle almal huil. Alarm beep.

Na 'n ruk hou die meisies op maar Japie huil voort.

Rachelle: Okay jy kan nou maar ophou!

Shani: Have a little self respect.

Japie: (*Huil*) Ek kan nie meer nie.

Liz: Wat kan jy nie meer nie?

Japie: Ek kan nie...

Shani: Is dit Henko?

Japie: (*Kan nie uitmaak wat hy sê nie*) Blhy...schmaak... my... schlo...onslikig.

Rachelle: Wat sê hy? Dit is Henko, né?

Deur sy trane knik hy net sy kop.

Shani: Nee, mens kan nie so aangaan nie.

Japie: (*Huil*) Maar...

Liz: Kalmmer net gou. Soek jy suikerwater?

Japie: (*Huil*) Nee...

Rachelle: Okay, hou nou op!

Hy hou op huil.

Japie: Ek's jammer...

Shani: Wat pla jou?

Japie: Hy is nog steeds nie hier nie.

Rachelle: Henko?

Japie: Ja. Ek het al amper 'n 100 voicemail gelos. Wie doen dit? Hy los my by vreemde mense se huis...

Liz: Ons is nie meer vreemdelinge nie...

Shani: Dis nie die punt nie, Liz!

Japie: Hy vat my kar...wie weet waar hy is. Hy werk nie. Hy verdien nie geld nie. Ek betaal *al* die huur, wel my ma doen. Ek maak skoon. Ek koop kos. Ek maak kos. Ek doen *al*s vir hom. En ek gee regtig nie om nie...maar mens kom op 'n punt waar mens gee en gee en gee...en mens ontvang net niks terug nie...en dan is jy leeg getap. Ek verstaan dit net nie, ek sal nooit aan hom doen wat hy vanaand aan my gedoen het nie.

Sy foon lui.

Japie: Hallo...Hallo ma! Ek kan nie nou praat nie! Hoekom bel ma alweer? O. Nag vir ma ook. Lief ma ook. Bye.

Japie: Nooit nie. Ek sal dit nooit aan hom doen nie. Miskien is hy besig... Maar as ek besig is dink ek konstant aan hom, waar hy is, wat hy doen, by wie hy is... Hoe kan hy net van my vergeet!?

Shani: Hy klink soos 'n asshole!

Rachelle: Soos 'n regte slagpat doos!

Japie: Julle hy is rerig nie 'n slegte ou nie...

Liz: Was hy veronderstel om jou al te kom oplaai?

Japie: Ure terug... Hy tel net nie sy FOPPEN FOON OP NIE! Ek weet nie eens hoekom hy 'n foon het nie!

Rachelle: Ek's jammer, maar as Dirk dit aan my gedoen het... Die see sal hom nie kan afwas nie.

Shani: Ek dink jy moet hom los!

Japie: Wat?

Rachelle: Sy's reg... Los hom.

Japie: Ek gaan hom nie los nie. Is julle van julle koppe af!

Liz: Julle, ons moenie betrokke raak nie.

Rachelle: Jy wil *nooit* betrokke raak nie!

Shani: Hoekom kan jy hom nie los nie, hy hanteer jou soos... kaas!

Japie: Want... Sommer... Julle sal nie verstaan nie! Kyk na julle... julle bitch en moan heelaand. Julle sal nie weet wat julle het as dit julle tussen die ore getref het nie. Bedorwe brokkies!

Shani: Jy ken ons nie eers nie!

Rachelle: Kyk hoe kom die ware kleure nou uit!

Liz: Ek kan nie glo jy sê dit nie!

Shani: You don't know nothing about me!

Japie: Ek het genoeg gesien om te weet watse goed julle is!

Rachelle: Man, wat weet jy!

Shani: Jou ma betaal als vir jou?

Liz: Jy's 'n stripper!

Shani: Nie eers 'n goeie een nie!

Rachelle: Jy is te skytbang om te doen wat jy eintlik *wil* doen!

Liz: Heelaand probeer jy Mr. Nice Guy speel...

Shani: Jy is wat fout is met mans van vandag!

Liz: Ruggraatloos!

Rachelle: En jy's gay!

Stilte.

Hulle bars uit van die lag.

Rachelle: Hy's 'n gay! GAY!

Shani: Wat noem Shuan hulle... 'n Boudkapper!

Rachelle: 'n Hol hings!

Liz: 'n Poephol pilot!

Japie: Ek het *geweet* julle is homofobies!

Shani: Ag asseblief man... Jy's chauvinisties!

Japie: Moenie woorde gebruik wat julle nie verstaan nie.

Shani: O, ons verstaan dit nie want ons is vrouens!

Japie: Homofobiese jokes is nie snaaks nie.

Rachelle: Kry bietjie 'n sin vir humor!

Liz: Dis als net grappies Japie...

Japie: Daar is mense in Uganda wat doodgemaak word omdat hulle gay is.

Shani: Ag fokof man!

Rachelle: Boohoo!

Liz: Is daar regtig mense in Uganda wat doodgemaak word?

Japie: Ja.

Hulle hou op met lag. Alarm beep.

Japie: Mmmm... die situasie in Uganda is toe nou nie so snaaks nie.

Liz: Ek het gesê ons mag nie politiek praat nie. Dit maak my net angstig.

Stilte. Japie bars weer in trane uit.

Shani: Japie... jy is 'n goeie ou. Jy verdien iemand beter. Ek weet jy dink nie nou so nie. Maar dis nie veronderstel om mens ongelukkig te maak nie.

Rachelle: Jy kort iemand wat jou gaan waardeer...

Shani: Wat mooi na jou hart gaan kyk...

Rachelle: Iemand wat net so lief vir jou gaan wees soos jy vir hulle...

Japie: Julle is reg. Ek hoef nie meer sy stront op te vreet nie. Hy maak my net... kaas voel oor myself.

Rachelle: Weet jy hoe vinnig gaan jy iemand anders kry?

Shani: Ek ken 'n paar ouens wat more met jou sal uitgan!

Rachelle: My haarkapper sal mal wees oor jou.

Japie: Ek meen my ma hou nie eens van hom nie!

Shani: Sien!

Rachelle: Mens se ma is altyd reg oor sulke tipe goed.

Liz: Julle dis nie ons plek nie. Ons weet nie wat in hulle verhouding aangaan nie.

Japie: Hoekom wat dink jy moet ek doen?

Liz: Dit klink asof hy jou baie ongelukkig maak. Ek weet nie wat ek in jou situasie sou doen nie... so ek kan nie eintlik vir jou sê wat om te doen nie... doen maar net wat jou hart vir jou sê.

Shani: Dit was 'n baie vague antwoord.

Japie: Dis presies wat my ma sou sê. Okay... Ek gaan dit doen.

Shani: Jy kan dit doen...

Japie: Okay hier gaan ek... (*Hy druk die nommers in*)... Ek weet nie.

Rachelle: Doen dit net.

Die meisies klap almal vir hom hande en spoor hom aan. Clichés soos: “WHOO HOO”, “GO JAPIE!”, “JY KAN DIT DOEN” en “NOU OF NOOIT”.

Japie maak hulle stil.

Japie: Okay... (*Hy druk die nommer in*)... Dit lui... Okay, hier is dit... Ek ken dit al uit my kop uit...”Hallo, dis Henko, jy weet wat om te doen”... (*Skrik vir die beep*) Hallo... Hallo Henko. Dis ek. Jaap. Jou boyfriend. Dis voicemail nommer... ek weet nie meer nie. Ek is gatvol, Henko. Ek hoef nie meer opgeskeep te sit met jou... (*aan die girls*) Julle ek waardeer wat julle doen maar dit maak my net deurmekaar...

Shani: Okay...

Rachelle: Sorry...

Japie: Ek kan iemand kry wat vir my net so lief is soos wat ek vir hulle is. Nee, ek *verdien* iemand wat vir my net so lief is soos wat ek vir hulle is. So... Ek breek op. Dis verby. Vanaand was die laaste strooi. Jy is selfsugtig. Jy is ‘n kind wat net weier om groot te word. Ek soek ‘n boyfriend; ek wil nie iemand se pa of ma wees nie. Ek hoop jy kry vir jou gou weer ‘n meal ticket... ek wil hê jou goed moet gepak wees wanneer ek by die huis kom. Ek wil jou nooit weer sien nie. Jy’s seker die selfsugtigste mens wat ek ken. En jou asem stink...

Liz: Okay, dis nou genoeg...

Japie: Okay, totsiens Henko. Geniet jou lewe. O, en een laaste ding... Ek het gejoj... ek *haat* Glee!

Hy sit die foon neer. Alarm beep.

Stilte.

Shani: Hoe voel jy?

Japie: Goed. Ek voel goed. Dit was die regte ding om te doen. Dit kom al ‘n lang tyd. Dit bou al ‘n lang tyd op. Nou is ek single. Ek is Japie en ek is single. Single. Dit was die regte ding om te doen.

Shani: Ja dit was.

Rachelle: Ek dink ook dit was.

Liz: Mmmmm...

Japie: Dalk het hy ‘n baie goeie verskoning hoekom hy nie die foon optel nie...

Shani: Man hy is ‘n asshole en hy raak seker dronk saam met sy vriende!

Rachelle: Wie weet dalk was hy besig om op jou te cheat.

Shani: So jy dink as iemand op jou cheat is dit ‘n goeie rede om met hulle op te breek?

Rachelle: Ja...

Shani: Okay... So se nou maar Henko sit nou iewers in ‘n bar en ontmoet ‘n aantreklike outjie en hulle chat mekaar op...

Rachelle: Ja?

Shani: En sê nou maar hulle gesels lekker, en dans lekker, en drink lekker... en iewers in die loop van die aand... sê Henko vir hom...

Rachelle: Wat?

Alarm beep.

Shani: DAT HY HOM WIL NAAI!

Rachelle: Ek het geweet! Ek het geweet dit gaan weer daarop neerkom... Jy is so deursigtig!

Liz: Hou net OP!

Shani: Wel, jy't nou net erken dat jy met iemand sal opbreek wat cheat.

Rachelle: Ek het nie gecheat nie! Dis nie hoegenaamd dieselfde situasie nie! Jy kan dit nie eens vergelyk nie! Bly net stil, ek kan nie meer jou stem hanteer nie.

Japie: Dink julle Henko sit en 'n bar en sê vir iemand dat hy hom wil naai?

Liz: Nee... miskien lê hy in 'n koma in die hospitaal.

Japie: Wat!?

Liz: Ek weet nie meer wat om vir jou te sê om jou te laat beter voel nie.

Shani: Moet niks sê nie. Hy het die regte ding gedoen. Nou is hy single. Ons is in elk geval hopeloos te jonk om in sulke ernstige verhoudings te wees...

Japie: Ek is single.

Rachelle: Wat het jy gesê?

Shani: Wie ek?

Rachelle: Ja, jy...

Shani: Ek dog jy wou nie my stem hoor nie.

Rachelle: Jy het nou net gesê ons is te jonk om in sulke ernstige verhoudings te wees...?

Shani: En wat daarvan?

Japie: Ek is single.

Liz: Wat bedoel jy daarmee, Shani?

Shani: Presies wat ek sê. Ek bedoel wat ek sê en ek sê wat ek bedoel. Ek is nie soos Rachelle nie.

Liz: Dink jy regtig ons is te *jonk* om in ernstige verhoudings te wees?

Shani: Ja...

Japie: Ek is single!

Rachelle: O so *nou* kom ons agter die kap van die byl.

Shani: Daar is geen kap en geen byl nie.

Rachelle: Die rede hoekom jy so aangaan oor die naai-storie is omdat jy ontsteld is oor iets...

Liz: Het iets met jou en Shaun gebeur?

Shani: Ek wil net hê dat jy moet erken dat jy dit nie *net gesê het nie* jy wou dit actually doen! Al was dit net vir 'n split sekonde. Jy wou dit doen!

Rachelle: Ons praat nou oor jou en Shaun...

Shani: Ek wil nie daaroor praat nie.

Japie: Ek is single?

Liz: Het iets gebeur Shani?

Rachelle: Is dit oor die hele trou ding?

Shani: Ja...

Liz: Jy moet net geduldig wees vriendin, hy gaan jou een van die dae vra...

Shani: Asseblief stop dit!

Liz: Hy is seker besig om klaar 'n ring uit te kies. Hy het heel waarskynlik 'n tafel bespreek vir julle twee by julle gunsteling restaurant...

Shani: Asseblief...

Liz: Hy gaan die ring in die sjampanje-glas gooi...

Rachelle: Liz, stop dit.

Japie: Ek is single.

Liz: Of in die poeding!

Shani: Liz!

Liz: Malva Pudding...

Japie: Ek is single.

Liz: Nee, Crème Brulee!

Shani: ONS HET OPGEBREEK!

Stilte.

Liz: Wat?

Shani: Ons het opgebreek.

Liz: Is dit omdat hy jou nog steeds nie gevra het om te trou nie?

Shani: Hy het my gevra. Ek het nee gesê.

Rachelle: Ek dog dis wat jy wou hê... Hoekom het jy nee gesê?

Shani: Ek is te jonk. Dis te vroeg. Ek het nog nie eens 'n vaste werk nie. Ek het drome. Ek kan nie nou met hom trou nie. Dis nie die regte tyd nie. Saam intrek. Huis opsit. Kinders maak. Ek is 25. Ek is nog 'n kuiken. Sopas uit die nes geskop. Die idee van nes maak met iemand anders... Ek het drome. Ek sien nie op die oomblik vir Shuan in daardie drome nie.

Liz: Maar julle is Shuan en Shani... Shani en Shuan.

Shani: Nie meer nie.

Liz: Jy het sy hart gebreek.

Shani: Per ongeluk.

Japie: Ek is single.

Alarm beep.

Rachelle: Ek weet hoe jy voel.

Shani: Hoe weet jy hoe dit voel? Jy is getroud. Dirk aanbid wat die grond waarop jy loop. Jy wil nie regtig 'n beroep hê nie. Julle is gelukkig.

Rachelle: Nie altyd nie.

Liz: Rachelle...

Shani: Ek gaan jou een laaste keer vra. Het jy dit *bedoel* toe jy gesê het jy wil hom naai?

Liz: Los dit net in vadersnaam uit, Shani!

Shani: Asseblief... gee my net jou eerlike antwoord.

Rachelle: Ja.

Liz: Nee!

Shani: Ek het geweet.

Rachelle: Gaan jy dit invryf?

Shani: Nee.

Japie: Ek is single.

Shani: Hoekom?

Rachelle: Ek weet nie. Ek *wonder* heelyd. Hoe dit is? Met ander mans. Dirk was my enigste. Ek het niks om dit mee te vergelyk nie. Ek twyfel. Gereeld. Ek het "naai" gesê want ek bedoel "naai". Ek wil hê 'n man wat nie my man is nie moet my naai dat ek nie weet wie ek is nie. Ek is ek omdat ek by Dirk is. Ek wil nie meer ek wees nie. Ek wil ophou twyfel. Ek wil ophou wonder. Ek wil weet.

Alarm beep.

Liz: Julle bedoel nie regtig hierdie goed wat julle sê nie.

Shani: Ons is net eerlik.

Rachelle: Dis wat wyn doen. Maak mens hopeloos te eerlik.

Stilte. Alarm beep.

Liz: Dit is die aakligste kitchen tea ooit.

Shani: Ek gaan nie met jou daar stry nie.

Rachelle: Jammer Liz.

Japie: Ek is single.

Liz: Al wat ek wou hê is 'n rustige aand van persente oopmaak en hoender eet. Ek trou oor 'n paar dae. Ek trou. Dit was nie die plan nie julle. Ons was veronderstel saam te trou. Saam te kraam. Ons kinders was veronderstel om saam skool toe te gaan. Dis hoekom mens beplan. Beplanning maak dat mens nie kan twyfel nie.

Alarm beep.

Shani: Dinge werk nie altyd uit soos mens beplan nie.

Liz: Kak! Dit doen. As jy goed genoeg beplan!

Rachelle: Liz. Moenie ons as voorbeelde gebruik nie.

Shani: Jy en Gert is bedoel om saam te wees.

Liz: Ek is bang. Ek is so bang. Ek wil nie hê dit moet uitfok nie. Julle belowe my dit gaan nie uitfok nie!

Shani: Belowe.

Rachelle: Belowe.

Japie: Ek is single.

Stilte. Alarm beep.

Japie: Ek is single... Wat doen ek? Wat het ek gedink? Ek maak die grootste fout van my hele lewe! Ek moet hom terug bel... ek moet vir hom sê ek het dit nie bedoel nie...

Shani: Moenie dit doen nie!

Rachelle: Jy het die regte besluit gemaak.

Japie: Ek gaan nie weer vir julle luister nie. Dis julle skuld dat ek in hierdie situasie is. Ek gaan vir Henko bel. Want ek weet wat ek het. Ja hy behandel my soos kak soms. Ja, hy is lui en hy vergeet partykeer om tande te borsel. Maar hy is 'n goeie ou. En hy is lief vir my op sy manier.

Shani: O so nou settle jy maar?

Japie: Ons almal settle op die ou end.

Liz: Japie...

Japie: Ek gaan nie meer met julle strei daaroor nie. Ek gaan hom bel.

Rachelle: Wat gaan jy sê?

Japie: Dat ek 'n fout gemaak het. Of dat ek dronk was. Dat hy net die vorige boodskap moet ignoreer. Hy het tien teen een nie een van hulle gekry nie. (*Hy bel*) Dit lui...Dit lui nogsteeds...(*Hy sit die foon neer*)

Stilte.

Shani: Wat nou?

Japie: Hy het opgetel en doodgedruk.

Rachelle: Is jy seker?

Japie: Doodseker. Ek kon hom hoor. Hy is in 'n kuierplek.

Shani: Dalk het iemand sy foon gesteel.

Japie: Sy woorde was..."Ek wil nie met jou praat nie" toe sit hy die foon neer.

Liz: En?

Japie: En... dit beteken dat hy die voicemail gekry het.

Liz: Jammer, Japie.

Japie: Wag net gou... Hy het al my voicemails gekry... hy is by sy foon... hy is in 'n kuierplek... met my kar...

Hy gooi 'n vyftig rand noot in die vloekvark.

Japie: DIE POES! DIE FOKKEN GROOT POES! KONT! MA SE POES! EK HAAT HOM! EK FOKKEN HAAT HOM! Ek fokken haat hom. Ek haat hom. Ek haat hom. Ek haat hom omdat ek so lief is vir hom. Ek haat hom. Ek is lief vir hom. Ek haat hom. Ek is lief vir hom. Ek is haat vir hom.

Stilte. Alarm beep.

S+R+L: Dames en Here... L is vir Liefde.

Japie: Wie kan die verskil tussen haat en liefde onderskei? Ek kan nie. Dit gaan hand aan hand. Dit voel dieselfde. Dis dieselfde gevoel. Seer. Is liefde veronderstel om so seer te wees. Hoekom anders sal Cupid jou met 'n pyl en boog skiet? Ek doen dit elke keer. Elke keer weet ek dat 'n persoon sleg gaan wees vir my. Ek weet hoe dit gaan uitdraai. Selfde storie. Creatures of habit. Patroon. 'n Wiskunde som. Patroon herhaal homself oor en oor. Algebra. Speelgrond. X: Ek op my eie in die sandput. Lego blokkies. Y kom nader en smee my om saam te speel. Ek huiwer. Ek gee in. Ons bou saam. Legos. Ons bou 'n huis. Ons huis. Y raak verveeld. Hy skop ons huis stukkend. Hy loop. Vee my snot en trane aan my mou. Skraap die moed bymekaar om van voor af te bou. 'n Dwase man bou sy huis op die sand. X+Y=Hartseer. Dis wie ek is: 'n X. Hartseer. Ek is verslaaf daaraan. Ons is almal verslaaf daaraan. Liefde. 'n Sekere tipe liefde. Liefde wat in hartseer uitdraai. Unrecipocated liefde. Die dwelm van die neentigs – Heroïne of was dit cocaine? Wie gee om.

Kort daarna Ecstasy. Acid. Tik. MDMA . Vandag is ons verslaaf aan unreciprocated liefde. Liefde as die dwelm. Liefing, kan ons nie maar vergeet en vergewe. Liefing, ek kan nie sonder jou verder lewe. My liefing is 'n dwelm. My liefing, as ek maar net jou in 'n pil kon verpak en daagliks neem. Moenie meer as die daaglikse dosis oorskry nie. Kontra-indikasies: oorsensitiwiteit, jaloesie en obsessie. Verslawing. My oë brand om jou te sien. My tong is geswolle met manipulerende liefdesverklarings. My hande juk om jou te sms, bel, klap, vas te hou. Is dit moontlik om verslaaf te wees aan die comedown? Ons is verslaaf aan die fokop. Dit moet 'n wroeging wees, anders is dit nie liefde nie. Shakespeare se Romeo en Juliet. Fok jou Dicaprio. Hoekom moet jy vrek voor die happily ever after? Fok jou Hollywood. Groot hartseer is nie gelyk aan liefde nie. Die harde werk kom na die honeymoon. Sou Romeo en Juliet steeds die greatest love story of all time wees as hulle actually survive het? Loopbaan, huis maak, gesonde sekslewe, kinders maak, miskraam, kinders kry, kinders grootmaak, aftree, op 80 in mekaar se arms vrek – dis 'n love story. Tragedie is nie gelyk aan liefde nie. Maar ons is verslaaf daaraan. Tragedie. Drama. Sentiment. Hartseer. As dit nie vanself gebeur nie, manufacture ons dit. Ons elkeen wil Marlon Brando wees wat sy hemp van sy lyf af skeur en "STELLA" in die naglug skree. As dit nie in 'n fokop uitdraai nie maak ons seker dis 'n fokop. Dis te maklik om te kry wat jy wil he. Jy wil he wat jy nie kan kry nie. Must buy, must want, must have. Rejection is gelyk aan insecurity. Om iemand te kry om jou ego te streel is nie liefde nie, dis selfhaat. Insecurity is the root of all evil. Die appel in die Bybel was nie wysheid, sonde of haat nie... dit was insecurity. Na een hap kon nie Adam of Eva meer kaal in die tuin loop nie. Eva het vet gevoel en Adam was bang sy slang was nie groot genoeg nie. Hoor hoe herskryf ek die Bybel. Ons is almal die skrywer in ons eie simpel storie. Bloed, sweet, trane en drama verkoop, happiness is vervelig. Ons almal projekteer eintlik net ons selfhaat op mekaar. Dis tog so lekker om die victim in jou eie sopstorie te wees. Nuwe scenario. Die werklike wiskunde som. X sit op sy eie in die sandput. Legos. Y wil saam speel. X is huiwerig maar hy gee in. Na 'n ruk raak X agterdogtig. Hoekom speel ons dan so lekker? Niemand wil ooit met my speel nie? X begin vir Y te terg. Y hou aan om huisies te bou. X voel Y gee nie genoeg aandag nie. As Y regtig daarvan gehou het om met X te speel sou Y meer onsteld raak oor X met Y lelik is. X gooi tantrums. Y bou verder. Meteens besluit X die speletjie is nie meer lekker nie en skop hul huisie des poes toe. Y loop weg. X vee sy snotterige trane aan sy mou en skraap die moed bymekaar om van voor af te bou. 'n X, dis wat ek is, dis wie ek wil wees, dis wie ek altyd gaan wees.

Stilte.

Die alarm beep.

Liz: Dis als so complicated. Skool was maklik. Jy leer jou ABC's en daar gat jy!

Shani: 'n Lys *do's* en *don'ts* sou beter gewees het.

Liz: Ek gaan 'n Alfabet vir 20-somethings uitbring.

Japie: Kom dit met 'n instruction manual?

Liz: A is vir Angs, B is vir Bipoler, C is vir...

Shani: Chicken... die enigste vleis wat ons kan bekostig.

Rachelle: D is vir Drank.

Japie: E is vir Eletrisiteitsrekening.

Liz: F is vir Flat.

Shani: G is vir Geld.

Rachelle: Of Graadkry! H is vir... Huwelik!

Japie: Of Homoseksueel. Of nie.

Liz: I is vir...

Shani: Dis moeilik...

Japie: I is vir Insecurity.

Rachelle: J is vir Jags.

Liz: K is vir Kook.

Japie: L is vir Liefde... M is vir...Masturbasie.

Shani: N is vir Neurose.

Rachelle: O is vir Oefening.

Shani: P is vir Parking!

Liz: Q is vir...

Shani: Shit, dis moeilik...

Liz: Ek weet... Quarter life crisis.

Japie: Nice... R?

Rachelle: Rassisme.

Shani: Registreer.

Liz: Rekening.

Rachelle: S is vir Seks... Nee seksueel aktief...

Japie: Of nie...

Shani: T is vir Tax.

Rachelle: Of Troeteldiere.

Liz: U is vir Uitbarsting.

Japie: V is vir Vet word.

Shani: W is vir werk soek. Of Woolies.

Rachelle: Nee, W is vir wyn.

Liz: X?

Rachelle: Xanax.

Shani: XOXO.

Japie: X is vir X.

Liz: Y is vir... Y is vir ons generasie... die Y generation...

Shani: Is dit wat hulle ons noem?

Liz: Ja. Hulle noem ons ook die Lost Generation...

Rachelle: Fok hulle!

Japie: Moeilikste vir laaste... Z?

Stilte.

Japie: Zuma?

Hulle lag.

Liz: By my skool is Z is vir Zebrastreep. Dit was altyd zebra toe is 'n kind voor die skool raak gery...

Shani: Is die kind okay?

Liz: Ja net groot geskrik... nou moet ons padveiligheid by die silabus inwerk.

Rachelle: Daai ou rympie... kyk lings en regs en dan weer links...

Japie: Daai kat... Daantjie het dit altyd vir ons geleer... nou is hy nie meer daar om jou hand vas te hou nie.

Hulle raak stil.

Liz: Enigiemand vir bietjie komkommer- en tamatiepulp?

Rachelle: Okay.

Shani: Asseblief.

Japie: Ja, gee maar.

Sy gooi dit vir elkeen. Hulle reageer op dieselfde tyd. "Mmmm", "Nie sleg nie", "Kort sout", "Lekker". Hulle sip in stilte.

Hulle sip verder. Almal sit gelyk hulle glase neer.

Rachelle: Kom ons drink eerder net...

Liz: Jy's reg...

Shani: Ek's klaar dronk.

Japie: Eks van my gesig af.

Die alarm beep.

Almal: FOKKEN ALARM!

Liz: Vanaand was 'n fokop...

Shani: Miskien moet ons selfmoord pleeg?

Rachelle: Nee. Kom ons drink net.

Japie: Ja, kom ons raak puza-faced...

Liz: Dan gaan dans ons bietjie...

Rachelle: Dan naai ons almal mekaar...

Shani: Ja fok, kom ons naai net almal...

Japie: Orgie...

Liz: Ons stig 'n rebellie...

Shani: Ja: Occupy Parliament Street...

Japie: Rewolusie...

Hulle slaap. Die alarm gaan af. Die alarm lui vir 'n hele ruk.

Alarm uit.

DIE EPILOOG:

Ligte op. Al vier na gehoor.

Japie: Hallo ma. Goed en self? Dankie vir die geldjie ma. Belowe. Elke dag beter. Ja, ma, "this too shall pass" en al daai goed. Luister ma, ek kan regtig nie nou praat nie. Ek het 'n casting. Ek bel ma later. Love you too. Bye. (*Sit aviators aan. Lui deurklokkie*)

Shani: Ek het 'n nuwe chicken resep. Jy druk 'n heel hoender vol gate en stop hom met creamed spinach. Jy kan dit net met 'n Woolies chicken doen. Ek het nou een in die oond. Shaun kom vanaand by my eet. Ek love my Woolies chicken.

Rachelle: Ek het nogal lief vir Muis geraak. Ek hou nie van haar nie, sy's 'n klein teef, maar ek is lief vir haar. Ek weet nie hoekom nie, sy piepie as sy angstig raak, blaf net wanneer sy wil, loop rond, en as mens haar te styf vashou kan sy mens vieslik byt. Ek dink ek verstaan haar.

Liz: Krisis. Die mixer het in my gesig ontplof. Te veel goed te vinnig. Dit het Gert 'n halfuur gevat om my te kalmeer. Kalm. Gert maak my kalm. Dit moet vir iets tel. Ek gaan elke dag deur die alfabet met my Graad 2s. A is vir Appel, B is vir Boek... reg deur tot by X, Y, Z ... Z is vir Zebrastreep.

Ligte uit.

AMPER, VRYSTAAT

Regie en ontwerp: Nico Scheepers

Teks: Nico Scheepers, Milan Murray,
Cintaine Schutte, Antoinette Louw

ANNATJIE gespeel deur Cintaine Schutte

LIZ gespeel deur Milan Murray

BEA gespeel deur Antoinette Louw

- AMPER, VRYSTAAT IS VIR DIE EERSTE KEER OPGEVOER IN JULIE 2015 BY DIE VRYSTAATSE KUNSTEFEEES

ANNATJIE: Ek en Maretha is in Elandsbaai, op die rotse gesit en dit was piskoud en dit was donker en sy't my hand vasgehou. Ons het onder dieselfde kombes gesit en sy't patrone in haar *gumboots* met 'n mosselskulp sit en kerf. Sy's maar 'n weird girl. Sy't geruik soos *basil* en Darling Brew en skielik het sy opgekyk en net daar voor ons in die water, reg voor ons, het 'n walvis sy stomp kop uit die see gelig. Dit was so groot en onbekend. Ons kon *actually* net sy neus sien, het nie geweet hoe ver sy gladde lyf onder die water in gaan nie... Soos 'n blink swart ysberg. En toe begin die walvis sing, ek wou amper op sy rug spring en Maretha ho my styf vas en sê, "Nee, nee, nee jy gaan hom skrik maak, jy gaan hom weg jaag." En sy fluister iets in my oor, iets oor die 'kanaries van die see'. Sy't haar *harmonica* uitgehaal en toe probeer sy speel wat die walvis sing. Ek het vir haar gesê dis belaglik, maar sy't aanhou sukkel en dis *stupid*, maar dis toe ek weet... Daai oggend in Elandsbaai... Sy's oukei.

Ek bly nou in die Kaap. Kaapstad. Ek het maar redelik vinnig uit die Vrystaat gefokof. Dit was baie moeiliker hier as wat ek gedink het. Almal in die Kaap ken mekaar, ek dog waar ek vandaan kom is *incestuous*, maar die CBD is vrot van die kliëks. So as jy niemand ken nie, is dit donners moeilik om vriende te maak... Wel, om nie soos 'n creep te lyk terwyl jy dit doen nie.

'Hallo! Ek is Annatjie, van Amper,' en ek kan aan die mense se gesigte sien hulle kan die plaas aan my ruik. Ek het nie geweet wat 'n *flat white* is nie. En ek het *honestly* gedink vintage beteken *fucked*. Al die meisies dra seunsklere en . . . andersom. En ek het *seriously* geen *clue* hoe oud enige van die mans is nie, want álmal het baarde. Ek *waiter* nou by hierdie plek in Kloof Nek waar die *locals* lyk asof daar elke dag 'n *costume* paartie is. *I kid you not*. En ek moes my naam ook verander om in te pas. In Amper is ek *Plain Jane* Annatjie van Emmenis, maar om by Power & Glory te *waitress* met 'n *name-tag* wat sê 'Annatjie' is *hospitality suicide*. So in die Kaap *rock* ek dit as Anne. *Anne Van*. Lizz kry die horries as sy dit hoor.

O, Lizz, dis my sussie. Ek het twee, Lizz en Bea, en hulle is albei *crazy*. Bea is die tipe mens wat by jou huis sal uitstorm, kamma met 'n *rash*, want jy't vergeet sy's allergies vir sewentien voedselgroepe. Ek weet nie waar sy is nie, ek weet net sy's nog steeds by daai *creepy lover* van haar, *Louis-something*. Hy's getroud, met drie kinders, en die afgelope twintig jaar al suig sy soos 'n Weskus-mossel aan die kant van sy seiljag vas. Liz het vyf kinders. By drie verskillende mans. Ek weet nie hoekom die lewe haar so vrugbaar moes maak nie. En sy val altyd vir rokjagter-mans wat die lewe met hulle flippen piele *navigate*. *Anyway*. Ek dink sy bly nog in Centurion...

Ek worrie bietjie oor my ma. Sy's nou alleen in daai aaklige ou huis. Sy sal nooit uit Amper uit trek nie. Elke Sondag vyfuur, klokslag na die Angus Buchan *broadcast* bel sy om te preek en om te hoor hoe dit gaan. 'n Halfuur van onvoorwaardelike liefde- vermom as 'n *check up*. Hoe gaan dit daai kant? Eet jy? Hoe gaan dit met die visse?

Ek wil 'n *marine-biologist* word, want ek het hierdie *cool documentary* in die mediasentrum gekyk oor hierdie *dude* wat olie uit half-dood pikkewyne se vere uit kam. Sy naam was Aqua Mike en hy was *amazing* en kak *hot* en hy't dolfyne gered so hy was *basically perfect*. My ma dink ek's belaglik. En ja, my punte was nie goed genoeg vir die kursus nie, maar darem bly ek ten minste nou al by die see. Ek *intern* elke skoolvakansie by die Two Oceans Aquarium en vertel die klein *kiddies* oor ekosisteme en *pollution* en probeer keer laat die klein ettertjies teen die glas tik. Dis oukei. Ek wag nog vir Aqua Mike om op te daag, maar al wie gewoonlik saam my die middag-skof doen is Patrick wat die seekatte voer. Patrick lyk soos een van daai mense wat altyd groet en heel *nice* is en van wie jy nooit iets verwag nie en dan hoor jy skielik eendag hulle het soos twaalf lyke in sy tuin gekry... Maar nee, *shame*, ek's seker hy's heel *nice*.

Ek het Maretha by die akwarium ontmoet. Sy swot *marine biology* by UCT, soos in *legitly*, en ons bly nou al drie jaar saam. Haar *flat* is befok. Dis in Tamboerskloof, reg teen Signal Hill en ons gaan pluk elke naweek wilde kruie in die veld agter die gebou. Sy hang dit oral in die huis op om droog te word.

Ek dink dit stink, maar sy hou daarvan... So dis oukei.

LIZ: Net 'n oomblik... R1500... My dogter hanteer my soos 'n *piggy-bank*, klein Dawie moer die ander kinders by die kleuterskool met stokke - bel hoof - en Lika het laasweek haar vyfde veter ingesluk.

Nee sit, sit asseblief. Moenie almal gelyk opspring om my te kroon as Moeder-van-die-Jaar nie. Amorentia, my oudste, is nou by Tukkies vir boekhou. Sy is die oorskot van my eerste huwelik. Die tweeling, by Derrick, is nou in die hoërskool. En die twee kleintjies, by Phillip, my derde - en hopelik laaste - man. Dawie is vier en Lika is sewe maande. Die tweeling is nou vyftien, en die Here hoor vir my ek het nou genoeg gehad. Ek weet *Egyptian cotton* is sag en gemaklik, maar dis geen rede om jou lakens te *dry-hump* nie. Ek smee en ek soebat en ek koop die *tissues*, vir elkeen sy eie boksie, en sit dit subtiel op hulle bedkassies. Maar die Vader-alleen-weet hoekom hulle nie die donderse goed gebruik nie. Die lakens is soos

sinkplate wat ek eers in die middel moet knak voor ek hulle in die masjien kan kry. Dis suf, man! So daai twee moet of bykom of hulle kan in die tuin gaan draadtrek.

Elke ding het sy plek. Die kinders weet presies wat van hulle verwag word, en op watter uur van die dag. As ons nie by die skedule hou nie, is daar chaos. Ek *run* hierdie plek met 'n *highlighter*. Die bure moenie dink hierdie is die *Honey Boo Boo*-huis nie. Phillip dink ek en my lysies is belaglik. Hy wil hê ek moet terug gaan werk toe. (LAG) Alles sal uit mekaar uit val. En naweke is 'n ander *storie*. Amorentia was laasnaweke by haar pa op Worcester, klein Dawie moes by die karate opgetel word en ek moes die tweeling by die Boys High rugby kry, want Phillip was weer op die gholfbaan en net voor ons in die kar kon klim toe't Lika weer haar kot vol stront gesmeer. Dank die Heer vir Wetwipes en chardonnay. Ek wonder of my ma tussen my en Bea en Anna ook skelm 'n knertsie in haar rooibos nodig gehad het om deur die dag te kom.

Amorentia was die naweek in die Kaap. Sy't by Annatjie gaan kuier. Sy sê dit gaan goed met Anna. (HAAL HAAR SKOUERS OP) Gister 'n poskaart van Bea ontvang. Saint Tropé. Dis net Louis Louis Louis Louis en 'n 'Hallo, Susa!' en 'n vet rooi soen op die seël. *Classy*.

Die Louis-ding sal ek nooit verstaan nie. Sy was nog altyd baie soepel, 'n natuurlike gimnas. Net jammer sy't haar splits op die rugbyspelers ge oefen. Ek en my vriende het haar 'Die Wisseltrofee' genoem. Haar rompies was so kort dit was meer advertensie as uniform, 'n koek-pelmit. Sy kon net sowel 'n *free-parking sign* op haar *panty* geplak het. So toe Ma ons die een Sondag in die naaldwerkkamer verduidelik oor die feite van die lewe, toe weet Bea natuurlik meer as die boekie wat my ma by die CNA gekry het: *Waar Willie Woeker. Die Storie van 'n Klein Blou Spermpie wat op die dag van die Groot Resies op Reis gaan in 'n Vreemde Pienk Grot.*

Bea was laasmaand in Bermuda. Ék was by die tandarts besig om klein Dawie se voete vas te hou sodat hy nie vir Dr. Van Der Walt tussen die bene kan skop elke keer as die man wil begin boor nie.

(SUG) Ek klink soos my ma.

BEA: Ek het nou die aand gedroom ek gaan in 'n sneeustorting dood. Tonne en tonne sneeu wat my begrawe. Iewers in die Alpe. Mont Blanc... of Matterhorn. Iewers baie *fancy*. Ek het bietjie gesukkel om asem te haal toe ek wakker word, maar toe drink ek 'n G&T en rook 'n sigaretjie en toe's ek reg vir die dag.

(POUSE)

In my drome sterf ek elke aand in 'n ander land. Laasweek deur 'n haai gevreet in Bali. My ma het op die sand gesit met 'n *ice cream* en geglimlag toe ek in stukkies op die strand uitspoel.

Ek droom. Ek sterf. Ek word wakker in my eenslaapkamer-woonstel in Wonderboom en daar is bruin vlekke op die plafon, maar Louis sal dit nog kom regmaak. Daar's gekraakte glas in die stortdeur, maar Louis sal dit nog kom vervang. En daar's 'n tas vol klere al vir twee weke onder my bed, want ek en Louis sou Parys toe gaan. Maar Jeanette het die vliegkaartjies in sy inbox gesien. So nou sit Jeanette en teug met haar tert lippe aan die sjampanje wat ek en Louis sou deel. Dit is vandag die twintig jaar herdenking van ons eerste sonde saam. Twintig jaar en daai dom teef dink nog steeds ek is 'n intern by Louis se firma.

Ek het Louis ontmoet buite die ou Spur in Amper. Ek het in die middel van my *shift* uitgeglim om 'n siggie te rook en om weg te kom van my klasmaats op tafel veertien. Ek kon nie my *lighter* in my voorskoot kry nie toe 'n mou met silwer *cuff-links* 'n vlam na my toe uithou. (SY LEUN VOOROM OM 'N DENKBEELDIGE SIGARET OP TE STEEK) "Cheers." Ek het die strepies van die *custom suit* al die pad op gevolg tot by 'n kakebeen waarmee jy 'n blik kon oopsny. Ek was sewentien en ek het by 'n Spur

gewerk in Amper en hier staan 'n *vision* met sout-en-peper hare en 'n kar wat meer kos as ons huis. En hy sê, "Jong bokkies moenie alleen in die veld rondloop nie."

(POUSE).

Ek het nie my *shift* klaargemaak nie. En twee weke voor my eindeksamen het hy my kom haal. My ridder met sy silwer koets skelm in die middel van die nag. En ek trek Pretoria toe. Na hom toe. Hy betaal nou nog vir hierdie woonstel. My kos. My klere.

Liz weet nie ek is hier nie. Sy en Derrick... Of is dit Phillip? Wieookal, hulle bly nou in Faerie Glen. Louis bring vir my geskenke van sy vakansies saam met Jeanette, maar ek stuur dit aan vir Liz en Annatjie. Laat hulle maar dink ousus is 'n *jet-setter*.

Gisteraand was ek in Siberië op 'n slee agter honde wat soos die wind kon hardloop. Ek was toegedraai in 'n ysbeerpels, my wange blos van die koue lug. Ons het oor die dun ys gegly toe dit skielik kraak en al die honde onder die water in verdwyn. Ek het vinnig gesink, die pelsjas soos 'n anker, en toe ek opkyk sien ek 'n roeiboot, met my ma in 'n nagrok, kneukels wit teen die hout en sy kyk net hoe ek sink, sink, sink. En toe sterf ek en ek word wakker en ek maak my oë oop in 'n

eenslaapkamer-woonstel in Wonderboom met bruin vlekke op die plafon.

LIZ: Komaan Parkies, het julle pap in julle hande!? Hulle is dan 'n spul rooinekke!

Ek verpes dit om tussen die ander ma's te wees. Halooo! Met hulle poniesterte en draftekkies, kospakkies, en Hettie Brits-boeke. *Tupperware*. Tandepasta. Benilyn. Pleisters en Pampers. En dit alles in een *Mary Poppins-moonbag* om die middel wat hulle heeldag saam hulle dra. *Mý kit* is in die kattedak in plastiekhouer B. Die kinders weet hoe om hulle self te help as hulle hoes of bloei of iets. Ek dra dalk die uniform, maar *soccer-mom* is die laaste ding wat ek op my CV gaan sit. Ek is niks soos hulle nie.

Ag, daar is net een bal hoe moeilik kan dit wees!? Kan nie onthou wanneer laas ek 'n Saterdag vir myself gehad het nie.

Ek het swanger geraak met Amorentia toe ek negentien was. Ek was in my eerste jaar... Dit was ook my laaste jaar... My ma het gehuil. Dit was per ongeluk. Ek was van my kop af verlief op Deon. Deon was 'n droom, en toe die baba kom, 'n nagmerrie. Ek het op daai stadium nog 'n ruggraat gehad, en toe bel ek die prokureur. Toe huil my ma eers.

My tweede man Derrick het ek by 'n diens in Moreleta Park ontmoet. Hy het sy blink Harley teen die kerkmuur gepark en vir almal kom vertel van sy verslawendheid en sy sondige leefstyl en hoe hy nou op die regte pad was. Hy het 'n reuse baard gehad en *tattoos* oor sy hele lyf. Alles uit die Bybel uit. Jy kon hier agter sy linker oor Genesis begin lees en al die pad om en af oor sy naeltjie tot by... Salomo en die koningin van Skeba. Hy't basies soos 'n wit Mr. T gelyk. Ek het ná die diens met hom gaan praat. Binnekort was ek, met Amorentia op my skoot, in die *side-car*, sendelinge op reis deur die Noord-Transvaal. Dis toe My ma begin ween. Die tweeling het daai eerste *trip* al hulle opwagting gemaak. Waar Woeker Willie? Herhaaldelik, in 'n klein twee-man tentjie aan die voet van Mapungubwe. Derrick het 'n huis gehad langs die dominee s'n by die N.G Moedergemeente in Louis Trichardt. Hy bly nog steeds daar. Die tweeling ry elke vakansie bus soontoe en kom terug met die een of ander diervel of kopbeen of biltong wat hulle self gemaak het.

En nou's ek by Phillip. Phillip. Hy's *boring*, maar hy's... *boring*. My ma is natuurlik mal oor hom. Dit was die eerste een van my troues waar sy van blydschap gehuil het. Boekhouer. Geld, maar niks anders nie. Hy aanvaar dat ek die septer swaai in onse ou kasteeltjie, en hy meng nie in met my ander kinders nie. Drukkies vir my en sy kinders kom in die vorm van note, vars uit die OTM. Phillip het ook 'n roetine wat ek haarfyn vir hom

beplan het. En hy hou daarby. En hy weet van my geheim en hy is... Oukei daarmee. As die *soccer-moms* moet uitvind... My geheim, dis... moeilik om... Hulle sal sê dis duiwels.

Ek, Liz van Wyk, is verslaaf. Ek is 'n volslae geek. Ek lees *fantasy*, ek verorber dit, en ek kan nie ophou nie. Ek belowe ek het al probeer maar hoe nou gemaak met gewone boeke. My ma het vir my 'n kopie van *The Hobbit* gekoop toe ek vyftien was. Dit was my eerste boek wat ek nie by die regering gekry het nie, en dit het my brein gesmelt. Toe vat sy my vir my verjaarsdag na waar Tolkien se huis in Bloemfontein was. Ek sal dit nooit vergeet nie. Tussen Bea se *boyfriends* en Anna op haar heup het ek nie gedink sy sien my raak nie. Pa kon minder omgee of ek met my kop in die wolke loop, my wiskunde punte was goed. Maar Ma... Sy't hierdie vir my gegee. Hanna Hoekom se avonture is glad nie so fokken *ongelooflik* as jy eers *Harry Potter* gelees het nie. Skies ek vloek. Wys my 'n storie wat nie beter gemaak kan word met 'n *unicorn* of twee nie. En ek lees nie net die goeie *fantasy* boeke nie, ek lees en kyk sommer enige kak, selfs daai vreemde Japanese stories waar die helde vir vier of vyf episodes net op mekaar staan en skree. Ek love dit. En daar's al hierdie blogs op die internet vol... *erotic fantasy*. Ek wou eers nie daarop *click* nie, maar ek kon myself nie help nie en nou is ek *hooked*. Seks is net soveel *sexier* as die man eers 'n draak moet doodmaak voor hy jou

rok afskeur. Fok *Fifty Shades of Grey!* Skies. Maar die gelesery was net die begin. Ek sien toe eendag 'n link op Facebook vir 'n winkel iewers in Arcadia.

Die *Outer Limits*. Hulle spesialiseer in *fantasy* en *science fiction*. En een Vrydag toe ek 'n uurtjie vir myself het, skraap ek uiteindelik die moed bymekaar om te gaan kyk wat daar aangaan. Na ek klein Dawie by karate afgelaai het en vir Lika by die dagmoeder gelos het, en die tweeling op Greyhound Limpopo toe gestuur het, trek ek een van philip se ou hang ten hoodies aan, n sit my sonbril op. Ek was so bang iemand herken my. Ek het die Pajero ses blokke van die plek af gepark. Dit was vreeslik opwindend.

Toe ek die plek kry het ek eers 'n koffie by die Vida gaan drink om eers alles van 'n afstand af dop te hou. Daar het gereeld mense by die deur ingegaan, almal vol puisies, en het gelyk of hulle nooit die son sien nie. Toe dit stiller raak, glip ek gou oor die pad, stoot die deur oop... En bevind myself in Mecca. *Final Fantasy*, *Miyazaki*, *Naruto*, *One Piece*, *Batman*, *Wonder Woman*, *She-Hulk*, *fantasy fantasy fantasy* en ek kyk nog rond en keer dat my oë uitval en kom agter die plek is leeg. Waar is al die mense dan? Dis toe dat ek die pers gordyn agter in die winkel sien. Ek het versigtig nader gestap en huiwerig die gordyntjie teruggetrek... En daar sit hulle almal om 'n groot

tafel met dobbelsteentjies. Daar was kaarte en muntstukke en ranglyste. *Dungeons & Dragons*. Ek was in die hemel.

En... ja. Die studente het aanvanklik gedink dis *weird* dat hierdie 'tannie' van Faerie Glen hulle *game* wil *join*, maar hulle het gou gewoond geraak. So nou gaan ek elke Vrydag. In die geheim. En eet pizza en drink bier en speel 80's RPG saam met 'n klomp kinders. En dis great. Jy kyk nou na die 2015 *Dungeon Master* van Pretoria-Oos.

ANNATJIE:

Ek was vyf toe Bea die eerste keer van die huis af probeer weghardloop het. Dit was baie laat in die nag en ek kan onthou iets het my wakker gemaak en ek het opgestaan en toe ek my deur saggies oopmaak, sien ek Bea met haar groot swart Cyndi Lauper-sak in die gang af loop. Ek het nie geweet of ek vir Mamma of Pappa of Liz moet wakker maak nie...

So toe agtervolg ek haar en kruip weg toe sy die voordeur saggies oopmaak. Daar het motte om die stoeplig gekoek en sy stoot die deur toe en sukkel by die trappe af... Maar ek het uitgegaan en agter die trapreëling gaan wegkruip... Sy moes my gehoor het. Bea het doodstil by die heining gestaan met haar hand op die hekpaal en haar voet op die onderste draad. Ek was te bang om asem te haal. Om iets te sê. Ek kan onthou ek was kwaad, want sy't gesê ek kan die Cyndi Lauper-sak kry as sy eers

uit die skool uit is en ek het geweet as sy met hom wegloop sien ek haar of die sak nooit weer nie. Sy't vir lank net so gestaan... en die slapende dorpie om ons... Mens kon die huise hoor asem haal.

Skielik het sy opgekyk, die sak oor haar skouer gegooi en terug gedraai huis toe. Sy't reguit na my toe geloop, haar gesig afgevee en met 'n glimlag haar nat vingers deur my hare getrek. Dit was asof sy my vir die eerste keer raak sien. "Kom Anna-Patatta. Kom ons gaan slaap."

Ek onthou die aand toe Pappa dood is, daai selfde jaar. Bea het gesê dis Amper wat hom doodmaak, dat die dorp ons almal nog sou versmoor. Liz het gesê ek moenie vir haar luister nie. Pappa se hoes was nat en vol sukkel. Soos borrels in die modderbank by Kromvlei. Ons was almal om sy bed. Mamma met die koffie koud, wat in haar hand wag. Bea by die deur, so ver van die bed af as moontlik. Liz in hoek met haar huiswerk en haar *highlighters*. Skei-nat en wiskunde. Ek het op die vensterbank gesit en geluister hoe die kriekies vir hom sing. Mamma bid, Bea kruip weg, en Liz pak die dood met Post-It's aan.

Daarna wou Bea weer weghardloop. Pretoria toe saam met Louis. Maar hierdie keer het Bea my kom wakker maak. Eenuur, half twee se kant. Sy't my saggies geskud. Sy't haar *backpack* by haar gehad en sy't

gesê sy's lief vir my en sy belowe alles gaan Oukei wees en ek moet haar help. Ek moet die deur agter haar sluit. En ons moet saggies wees sodat Mamma ons nie hoor nie.

Ek kan onthou ek was nogals excited..en toe ons op die stoep kom druk sy my en sy soen my en sy draai om en loop by die trappies af. Die groot, silwer kar het twee huise af in die straat gestaan en *idle*. Bea het vinniger begin loop en oor die hek gespring. Ek het geskrik toe ek Mamma agter my by die huis hoor uitkom. Sy't Bea se naam geroep, oor en oor en oor. Sy't my eenkant gestamp en kaalvoet oor die gras gehardloop. Maar Bea was klaar in die kar. En hulle was klaar besig om weg te ry. En my ma het in haar nagrok in die middel van die pad gestaan toe die bure buitentoe kom om te kyk wie so skree...

En ek was gehok. Sy't my gestraf, vir wat Bea gedoen het. Bea het vir my gelieg. Daar was nie 'n brief vir my gelos om jammer te sê nie... Maar daar was 'n brief in die yskas wat gesê het as Mamma die polisie bel dan kom sy nooit weer huis toe nie, maar as sy haar los, as sy haar uitlos... dat ons haar dalk weer Paasnaweek sou sien. My ma het vir 'n week gehuil. Liz het niks gesê nie.

Sy't al Bea se goed in bokse gepak en die kamer vir haarself gevat. Sy't die deur toegemaak en eers weer uitgekom toe sy universiteit toe is.

Mamma het my al hoe stywer begin druk en my nooit weer op my eie gelos nie.

Maretha wil he ek moet vir Bea bel. Al is dit net om *closure* te kry. Ek weet nie. Mamma sê Bea belowe sy gaan hierdie Kersfees daar wees. Al haar kinders weer onder een dak. Haai shame, sy's baie opgewonde.

BEA: Ek en Louis sou hierdie Desember vir 'n week Oostenryk toe gaan. Maar nee, hy en Jeanette is in Paternoster by haar ouers. Liz karring al die heel jaar aan my oor Kersfees, en toe sê ek ja. Om vir Louis te *spite*. Ek het ook planne. *Anyway*, dit kos my toe 'n fortuin om van Wonderboom na Liz se nuwe huis toe te uber. Ek sit vir 'n oomblik in die kar en hou die huis dop. Dubbelverdieping. *Water feature. Icebergs en lavenders.*

LIZ: So, Kersfees. Eers bel Bea my 'n maand voor die tyd om my te laat weet dat sy haar bes probeer het, maar toe nou uiteindelik nie by ons sal kan aansluit vir Kersfees nie. Iets van vlugte en visas... En 'n week later bel sy weer, in haar tipiese Bea stem om te sê sy kom! sy kom!, en sy bring vir Louis saam. 'n Paar dae later bel sy my weer net om te hoor of ek nie tog asseblief 'n wit kersboom wil koop hierdie jaar nie, aangesien sy nou haar *white Christmas* moet opgee om by ons te wees. *I mean*, ek stres oor 'n drie-gang maaltyd vir sewe mense en vyf kinders almal met hulle eie

voorkeure en afkeure en Bea dink alweer net aan Bea. En natuurlik het Louis nie opgedaag nie. As sy en Ma net die vrede kan hou tot *pudding*...

ANNATJIE: Ons bly vir 'n rukkie in die kar sit voor ons uitklim. Ek skraap die moed bymekaar om my familie te gaan *face* en Maretha giggel oor die grasdak en die *sleeper bar* en die blou ballas wat aan Phillip se Hilux hang. Ma kom uit om te groet en vra of ek haar whiskey onthou het. Dis rerig lekker om haar te sien lag Sy gryp die whiskey uit my hand uit en gee my 'n vet soen en 'n druk.

BEA: Net toe ek wou uitklim kom Annatjie en 'n vriend daar aan. Ma waggel uit, en dit lyk of sy nog 'n mens ingesluk het, en omhels haar soos die verlore dogter. (BEA DRINK 'N PIL) Ek klim uit en Liz se trop stoepkakkerkies probeer my soos 'n boom klim toe ek aan die deur klop. Leer sy nie haar kinders maniere nie. (SUG) Moet ek nou vir Ma soengroet?

LIZ: Phillip het gister vir Ma gaan haal. Sy kyk al heeldag met afkeur na my naellak wat afdop, en lig haar wenkbroue as die kinders my 'jy' en 'jou'. Bea lyk natuurlik fantasties. Annatjie kom daar aan en lyk soos 'n werklose. Ek weet nie watse *statement sy* probeer maak deur klere te dra wat drie *sizes* te groot is nie. Ek sê nie sy moet op *dress* vir Kersfees nie, maar sy hoef darem nie soos 'n Bantoe te lyk nie. Moet my nie verkeerd verstaan nie, ek is nie 'n rassis nie.

Ek en Phillip het baie swart vriende... Oukei,
 nie regtig nie, maar dit is nie die punt nie. Sy
 kon darem 'n poging aangewend het.

Ek's trots op ons huis. Ek en Phillip het hierdie huis gekies want dit is in 'n *amazing* skole-distrik. Net naby genoeg aan Hoërskool Menlo Park en net ver genoeg van Die Wilgers af. Phillip het sy lapa. En al my kinders kan om dieselfde tafel sit en eet.

BEA: Wat het geword van die wit kersboom waarvoor ek so mooi gevra het. Sy weet *pine* irriteer my kliere. Ek het my celestamine pille vergeet, so ek reël solank dat die kinders onder mekaar baklei oor wie vir Tannie Bea hospitaal toe gaan vat. Die tafel lyk oukei. Selle *sad* ou Carol Boyes-bakke wat oorloop van die ham en die tong en die sousies.

ANNATJIE: Maretha trek die heeltyd die mou van haar hemp oor die *tattoo* op haar gewrig. Dis twee pikkewyne wat op hulle tone staan en 'n hartjie maak. Ek haat die blerrie ding, maar sy't dit gekry voor ek haar leer kots het oor die *corny* goed in die lewe. Ek weet mens kan van 'n myl af sien my ma is nie *tattoo-friendly*-tannie nie, maar ek wens sy wil ophou oor dit worrie en fokus op die bom wat ek en sy op die kerstafel gaan drop.

LIZ: Die tafelpote kreun onder die feesmaal wat ek alleen voorberei het. 'n Ark se diere ingelê en

uitgeskep, skoongeskrop en gaar gekook met sout en salie. Niemand sê iets oor die kos nie.

BEA: Mmmm...

LIZ: Ons sit in stilte. Die opskeplepel lui teen die koperpot soos 'n klok. En -

BEA: En Ma dam beesstert in haar bord op.

ANNATJIE: Skep, Maretha. Moenie skaam wees nie.

LIZ: Tipies Annatjie om 'n ongenooide gas te bring na 'n familie- Kersfees. Maryke, Marietjie -

ANNATJIE: Maretha.

LIZ: Marli, Marinda -

ANNATJIE: Maretha.

LIZ: Waar's haar familie? Ek kan nie die hele wêreld se afvlerk-vinke voer nie.

BEA: Ma sit ingenome agteroor en maak die boonste knoop van haar denim los om plek te maak vir nog 'n rondte.

ANNATJIE: Stadig met die wyn, Bea.

BEA: Ek maak my keel skoon om kommentaar te lewer en Liz stop my met een van haar kyke, maar ek ignoreer haar.

LIZ: Los dit.

BEA: Ek verstaan nie hoekom ons nou rondom die *issue* moet *pussyfoot* nie. Ma is vet. Kyk na haar.

LIZ: Bea!

BEA: Mens weet nie uit watter ken sy volgende gaan bulk nie.

LIZ: Jy kan nie so met haar praat nie!

ANNATJIE: Ma sit net haar vurk op die rand van haar bord neer en kyk af.

LIZ: Is dit nou regtig nodig?

ANNATJIE: Phillip vat die kleintjies sitkamer toe.

BEA: Die vrou gaan haarself dood vreet. Sien julle dit nie?

LIZ: Sorry, Ma.

ANNATJIE: Maretha gryp my hand onder die tafel.

BEA: Sy huil haarself honger en dan vreet en vreet en vreet sy. Asof dit gaan help.

ANNATJIE: Ma se niks!

BEA: Wie gaan na haar kyk die dag as nie meer vir haarself na sorg nie?

ANNATJIE: Hoekom sê sy nie iets nie?

BEA: Wie gaan haar bad? Nie ek nie.

LIZ: As jy op 'n *mission* is om hierdie dag vir almal op te neuk -

ANNATJIE: Hou op!

LIZ: - hoekom vat jy nie jou goed en loop nie? Hoekom het jy dan in die eerste plek gekom?

ANNATJIE: Mamma is doodstil.

BEA: Dis julle wat so aangegaan het.

ANNATJIE: Maretha hou my hand nog stywer vas.

BEA: 'Dis Kersfees, kom huis toe.

ANNATJIE: Bly net stil!

BEA: 'Mamma wil jou sien.' Ek kon nou in die Alpe gesit het!

LIZ: Nou maar spring dan op 'n vliegtuig en gaan terug na Louis toe, waarookal hy is. Ek is seker hy en Jeanette sal vir jou plek maak in hulle bed.

BEA: Louis is al vir twintig jaar die een liefde in my lewe. Die een persoon wat -

LIZ: Liefde? Noem jy dit liefde?

BEA: Jou eerste man het jou met blou kolle gelos. Derrick het jou langs die pad gelos. En nou's jy *basically* jou man se P.A. Dis nie liefde nie. Dis *sad*.

LIZ: *Wake up, Bea. Louis -*

BEA: Louis is die een wat my uit Amper gered het. Van julle gered het.

LIZ: Hy's nie lief vir jou nie, Bea. Jy's 'n getroude man se *fuck-buddy*.

(STILTE)

ANNATJIE: Bea vlieg op en gaan badkamer toe. Ma is doodstil. Liz vat die toring borde kombuis toe. Amorentia gooi 'n kom-ons-gaan-rook-kyk na Maretha se kant toe. Sy kan ook sien dat Maretha gered moet word

van hierdie *ticking time bomb*. Vyf minute *smoke break*. Baie dinge kan in vyf minute gebeur in die Van Emmenis-gesin. Vyf minute is fokol.

LIZ: Haal asem, tel tot tien. Wat het jy verwag, Liz. Dis Bea.

BEA: Ek weet nou nie hoekom my vuil wasgoed voor almal gewas moet word nie. En voor 'n gas! Ek kan ook nie lekker uitfigure of Annatjie se vriend 'n seun of 'n meisie is nie?

LIZ: Ek skaam my om te dink wat hierdie Marietjie/Maryke-girl van ons familie moet dink. Waaroor praat sy en Amorentia in die tuin... Ek hoop sy sê vir haar dit gaan nie altyd so hier nie.

BEA: *Speaking of which*, dit/sy/hy kyk al die hele middag lank onderlangs vir Anna. En toe, besef ek: hierdie *girl* is 'n lesbiër! Moenie verkeerd verstaan nie, ek het niks teen *gay* mense nie, ek het baie *gay* vriende. Oukei, nie regtig nie, maar dit is nie die punt nie. Arme Anna-Patatta is salig onbewus van hierdie *girl*/dit se intensies.

ANNATJIE: Ma sit doodstil. Bea kom ingewals en *laser* in op my en vra kliphard uit oor Maretha. Ma lig haar kop. Maretha asseblief... Ek het jou nou nodig. Kom Amorentia, *maak gou*. Ek hoop sy't vir Maretha in in die tuin *geprep* vir wat op haar wag.

- BEA: Die lesbiër kom saam met Amorentia weer in die eetkamer in, en sy en Anna-Patatta gaan staan by die kaggel en maak keel skoon. Hulle hou hande vas...
- LIZ: En toe ontplof die bom, en Anna gooi die nuus van haar seksuele oriëntasie soos 'n emmer koue water oor Ma uit.
- ANNATJIE: Ek staan daar en ek voel hoe hulle ons *judge*. En ek wil verduidelik. Ek sien My ma se oë en dis asof daar 'n laaste iets in haar breek en ek wil haar vashou en sê dit hoef nie, dis oukei, ek is lief vir Maretha. Ek wil my mond oopmaak en dit verdedig. Want ek is seker.
- Want sy kyk op as ek in die kamer instap. Want sy luister Tom Waits en steek haar hand op as sy nie iets weet nie. Want sy lees boek in die middel van 'n vol vertrek. Want die ander mense sien haar nie raak nie. Want sy's sag. Want haar een oor is groter as die ander een. Want sy sê sy wil 'n skrywer wees, en dan lag ek, en sê, nou skryf dan, en dan skop sy my onder die tafel. Want my hele lewe lank al leer julle my om weg te kyk. Want ons het die walvisse gesien. Want ek het gedink julle sal van haar hou. Maar ek sê niks van hierdie goed nie en ek gryp net Maretha se hand en ek trek haar terug kar toe en ek draai by die deur om en ek sê. "Maretha is die enigste mooi ding in my lewe wat

myne is. Die enigste mooi ding en ek wou nie gehad het dat julle dit ook moes opfok nie.”

LIZ: Dis die laaste keer wat ons almal saam om 'n tafel was.

(MUSIEK SPEEL. KOSTUUMVERANDERING.)

BEA: Louis het vir my 'n *painting* gegee. 'n Afdruk. Original copy. Dit was nie geraam nie, dit was opgerol en met 'n Waltons rekkie vasgebind. Ek het by die huis gekom toe lê dit onder die deurmat met 'n halfdood roos in die tube ingedruk. Francisco Goya. 1820. *Saturnus verober sy kind*. Ek moes dit google. Vieslike ding. Die ou man hurk half op een been, die kind tussen sy vingers, senings en bloed wat slierte tussen kop en skouers trek. Die lyfie hang slap, kniekies teenmekaar en die linkerarm halfpad ingesluk.

Die ding hang nou maar bo die bed. Louis hou daarvan. As ons liefde maak, kyk hulle diep in mekaar se oë, hy en die Saturnus... Louis belowe nou Griekeland. Laasjaar was dit Oostenryk, vir Kersfees, en ek was by Liz se huis in Fairie Glen toe Annatjie vir almal vertel het sy hou nou van tieties. En die afgelope ses maande is dit maar ek en Louis elke tweede naweek op die *fancy Loads of Living* lakens wat hy vir my gekoop het.

Louis het gister verjaar. Hy't 'n selfie op Facebook van hom en Jeanette gepost. Sy arm is om haar en om sy arm is die horlosie wat ek vir hom uitgekies het. Hy kon nie by my wees nie toe gaan *treat* ek myself.

Ek verkies Menlyn. Veral Saterdag aan die einde van die maand. 'n Doolhof van kinders, ma's en roltrappe waar ek net kan verdwyn. Ek stap by Woolies in en glimlag vriendelik vir die sekuriteitswag by die ingang. Ek maak seker dat ek hom groet. "Dumela, aubuti." En ek het hom. Die vriendelike wit vrou wat die moeite doen om hom te groet. In sy taal, nogal. Hy groet terug en hou sy oë op die tieners met hulle groot sakke en los hempde. Ek stap doelgerig na die grimering- en parfuumafdeling. Kop om hoog. Ek weet wat ek wil hê. As iemand die moeite doen om regtig na my te kyk sal hulle die sweetdruppels op my voorkop sien lê. My asem jaag. My hart klop.

"Het julle die nuwe Issey Miyake?" vra ek die jong studentjie agter die toonbank. "Die Estee Lauder is te soet vir my. Ek hou van subtiele sitrus en jasmyn. Met 'n tikkie vanilla en mirre."

Haar oë is groot, en ek het haar.

"Natuurlik, Mevrou."

Mevrou.

"Ek gaan roep gou die bestuurder. Sy sal u kan help."

Sy verdwyn om die hoek. My hand steek uit na die pienk boksie met die goue letters. Ek laat val dit in my handsak. Ek stap uit en groet weer vriendelik die sekuriteitswag. En ek leef.

Ek sien vir Liz en haar twee kleintjies in Checkers. Ek draai weg net voor sy my sien. Ek kan nie nou in Checkers wees nie want ek is in Hong Kong. Sy't laasweek gebel en 'n boodskap op my foon gelos. Ek kan nie als mooi onthou nie, maar dit was iets oor Annatjie se lesbiër wat dood is.

LIZ:

Amorentia is alweer hierdie naweek by Anna in die Kaap. Hulle is die enigste twee Van Emmenis vroue wat nog nie mekaar se oe wou uitkrap nie. Ten minste het hulle verhouding die berugte Kersfees oorleef.

Ek's bly sy's by Anna. Nou na die Marietjie, Maryke... se ongeluk. Ek het probeer bel, maar sy wil steeds nie met my praat nie.

Ek weet nie waar ek my dogter verloor het nie. Sy is nou so oud soos wat ek was toe ek haar gehad het.

Ons praat nie eintlik nie. So ek stalk haar op twitter. Sy weet dit nie. Volgens haar is haar ma tegnologies gestrem. Sy dink @Cybersass95 is net nog een van haar 178 volgelinge. Ons bitch saam

oor FeesMustFall, en ons skep die ongelooflikste hashtags oor sosio ekonomiese ontwikkeling. Sy is soveel wyser as wat ek was op 19...so tussen die selfies deur.

Na nou-die-aand se braai, na nog 'n fight storm sy uit en brom onderlangs: Ek wonder wat Cybersass95 hieroor sou chirp?

Ek het vir 'n oomblik gedink ek is uitgevang. Maar toe draai sy om, rol haar oe en se: Ag Ma, jy sal nie verstaan nie. Daar is hierdie girl op Twitter. She gets me.

Vreemdste ding, nou die dag in Checkers begin Lika histories gil: Ta Bie! Ta Bie! So asof sy rerig vir Bea sien. Die Here alleen weet hoekom dit die eerste woord was wat sy geleer het. Sy't daai vrou letterlik net daai een Kersfees gesien.

Ek wonder of Anna oukei is...

ANNATJIE:

Jy weet, ek sal nooit kan verstaan hoekom die lewe altyd op jou kak as jy klaar op die grond lê nie. Ek kon nog daarmee deal toe ek nie saam met die ambulans mag ry nie. Ek kon nog daarmee deal toe Maretha se ouers my nie by haar wou toelaat in die hospitaal nie. Maar toe haar ouers aspris vir my die verkeerde datum van die begrafnis gegee het... *Hands up, julle wen.*

Sy's weg, Mamma. Sy's saam met die walvisse weg. Sy's 'n vinnige swemmer. Was nog altyd. Jy hoef nie meer vir dominee te gaan sien oor jou duiwelskind nie. Mamma hoef nie meer te wonder

waar Ma verkeerd gegaan het in my grootword jare nie. Mamma kan my nou maar weer op Sondag begin bel. Mamma hoef nie meer te jok oor dat ek nie kan kom kuier nie. Mamma hoef nie meer te huil nie. Sy's weg. Dis weg Mamma.

Ek speel die gesprek soos 'n pap *tape* oor en oor in my kop. Ek *imagine* ek kom in Amper aan en dit lyk soos 'n spookdorp. In my kop park ek my poegie by die hek en spoel eers my gesig af by die kraan. Oukei, ek's skoon, *any trace of lesbo-geid* áf.

Ek sal stadig maar versigtig teen die trappe opklim. Mamma hou van haar middag *naps* en ek wil haar nie met die eerste intrapslag af *piss* nie. Ek sal stadig die deur oopmaak en warm, welkom roep, "Mammie, ek's hier. Hallo!" Ek sal haar in die kombuis vind met die reuke van lasagne en whiskey en RSG. Dit sal die perfekte oomblik wees om haar van agter af te druk en te fluister, "So bly om Mamma te sien."

Dan dadelik yskas toe glip om haar glas vol ys en whiskey te pak soos ek my senuwees in My maag bymekaar maak. "Mammie, ek het die beste nuus. Ek is hier om Mamma se dag te maak."

Maar ek doen nie een van hierdie goed nie. Want ek kom in Amper aan en daars nie antwoord nie. Ek lui oor en oor die deureklokkie, maar daar is niks. Ek loop om, agter toe. Ek kan nie die agterdeur oop

kry nie. Daar's iets in die pad. Ek stamp en stamp en stamp die deur en toe ek die deur oop kry sien ek vir...

LIZ:

Tot hoeveel tel 'n mens? As ek die kinders wil waarsku dan tel ek tot drie. As ek kwaad word tel ek tot tien. Ek weet nie tot hoeveel om te tel nie. Ek was nie alleen toe Anna my bel nie. Ek was in 'n Dojo saam met twintig ander ma's besig om bo die geskree van die katas my eie skree te smoor. Ek het nie bedoel om haar nie te bel nie. Ek was net moeg. Tussen die tweeling se eksamen en die *geyser* wat gebars het... Ek het net hierdie een keer die bal laat val. Ek het haar gaan haal. Een maal 'n maand gaan haal vir 'n Sondag kuier, drie ure Vrystaat toe en terug. Moes ek iets vermoed het? Was daar tekens?

Ek voel soos 'n seekat wat vang en keer en stut en bymekaar hou. Ek is net een mens, demmit. My gesin eet vyf brode op 'n dag. Vyf brode! Ek moes My ma terug gebel het. Ek moes haar terug gebel het. 'n Week, so? Liewe Here, hoekom het niemand gaan klop nie?

Natuurlik sal ek die begrafnis reël. Uit die aard van die saak sal ek die begrafnis reël. Ek moet 'n gastelys by Tannie Kittie kry. Die dameskring sal kan help met die verversings. Saag. Oom Bertie moet saag speel as die kis ingedra word. Wie gaan die kis dra? En daai lied... Ma het gehou van...

Dis boemelaars wat alleen doodgaan. Nie mense met kinders nie. Ek het nie van haar vergeet nie. Ek het haar nie vergeet nie. Ek was net moeg.

BEA:

Op laerskool het ek vir die ander kinders gesê sy's nie my ma nie. Vir hulle gesê die sog by die skoolhek werk net by ons, my ma is oorsee. En jok was maklik. Soos om asem te haal. As jy jou ma se nagrok as 'n komberstent kan inspan, leer jy maar vinnig om stories op te maak. Ek het al haar foto-albums gaan uitkrap. Ek moes. Ek wou weet of sy nog altyd vet was.

Sy was 'n vaal, maer meisietjie. Groen skoolrokkie en hare wat in al die rigtings staan. Nes Liz. En nes ek. Sy't op die bank gesit met 'n berg tissues en 'n bak bobotie op haar skoot. Ek het brons gekry by die SA's. Het trots met die medalje om my nek voor haar gaan staan. Sy't opgekyk, en afgekyk, en gesê as ek ook wil hê moet ek 'n vurk gaan haal. Sy was alleen en het nooit ophou huil nie. Huil en vreet. Huil en vreet. Ek was daar en ek was nie goed genoeg nie. Ek het myself belowe ek sal nooit soos sy sou word nie.

Ek wonder hoe Ma gelyk het, op die vloer. Hoe lyk 'n mens wat 'n week lank al lê en vrot? 'n Week se

rotkos, met haar arms om haar Kelvinator en haar dunderm uiteindelik met rus.

(LIGTE VERANDER. LIZ EN ANNATJIE STAAN VOOR IN DIE KERK EN KYK NA DIE KIS. BEA 'IN'.)

BEA: Sorrie sorrie sorrie. Waar's Dominee Flippie?

LIZ: 'Skies?

BEA: Dominee Flippie. Gaan hy nie preek nie?

LIZ: Nee.

BEA: Hoekom nie?

LIZ(SUG): Tannie Kittie het *quiche* by die Dopper Kerk gekoop en nou't dominee Flippie loopmaag.

BEA: Maar hy was Ma se dominee. Hy moet preek.

ANNATJIE: Sjuut.

LIZ: Hoe wil jy hê die man moet preek, hy sit al die hele oggend op die troon.

BEA: Arme man. Hy's seker al vier keer deur die kerkbode.

ANNATJIE: Hou net op!

BEA: Broek om die enkels, en oë op die hemel.

LIZ: Bea!

BEA: Julle kon hom op 'n emmer agter die kansel gesit het.

ANNATJIE: *Not funny.*

LIZ: Jy's laat.

BEA: Ek moes eers stop vir die kisruiker.

LIZ: En waar is dit?

BEA: Hulle het nie meer begrafnisblomme oorgehad nie. Blykbaar het almal besluit om hierdie week dood te gaan.

LIZ: So daar's nie blomme nie.

ANNATJIE: Moes jy daai foto gekies het?

LIZ: Wat's fout daarmee?

ANNATJIE: Jy kon 'n beter foto gekies het.

BEA: Wat het sy aan?

LIZ: Wat?

BEA: Wat het sy aan? In die kis.

LIZ: Die geel *crimplene* rok.

BEA: Pas hy nog vir haar?

ANNATJIE: Sy was mal oor daai rok.

BEA: Die kis is vieslik.

ANNATJIE: Maak dit saak?

BEA: *Peach? Met brass fittings?*

LIZ: Dis die grootste kis wat hulle by AVBOB in
Bethlehem kon kry.

ANNATJIE: Liz!

LIZ: Wat? Ma het nie in die standaard 84 x 28 gepas
nie. (SIEN IEMAND. GROET.) Tannie Kittie -

(BEA EN ANNATJIE GROET 'TANNIE KITTIE'. ALDRIE SUSTERS VOLG HAAR
MET HULLE OË SOOS SY UITLOOP.)

BEA: Sy groet nie eers nie.

ANNATJIE: Sy voel baie sleg. Ek dink sy en Mamma het
vasgesit oor iets.

BEA: Wie's daai vrou?

ANNATJIE: O. Dis Oom Boet.

BEA: Oom Boet?

ANNATJIE: Ja. Hy het sy erfgeld gebruik vir die operasie.

(POUSE)

BEA: Almal kyk vir ons... Almal kyk vir ons.

LIZ: Almal kyk vir jou, want jy dra 'n roofdier.

ANNATJIE: Mense kyk, want Mamma is alleen dood.

(STILTE)

BEA: Ek dog jy en Phillip het haar elke nou en dan kom haal.

(LIZ GEEN REAKSIE)

BEA: Liz?

LIZ: Laasmaand was eksamen. Ek kon nie- Anna het sy jou nie probeer bel nie?

ANNATJIE: Nee.

LIZ: Is jy seker? Sy't laas gesê. . . oor Kersfees, dat sy sleg voel oor wat gebeur het, dat sy-

ANNATJIE: Sy het my nie gebel nie, Oukei.

(STILTE)

BEA: Is julle seker dit was 'n week?

ANNATJIE: Ja.

(STILTE)

LIZ: Ons moes haar gebel het...

Sakke pakke sout en peper gee my stoom dan loop ek beter...

Die laaste begrafnis waarby my ma was, was my pa s'n. Sy't fout gevind met alles. Die begrafnisblaadjies was verkeerd gedruk, die orrelspel was te trekkerig. 'Skies, Tannie Dot... Sy't my 'n lysie laat maak van alles wat ek beter moes doen vir haar begrafnis. Ek het nie die lysie gehou nie. Natuurlik nie. My ma sou vir ewig lewe.

Ek't die meeste van julle gebel om te hoor wat dit is wat julle van haar sal onthou. Entosiatiese koorleier. Voorslag bakker by die basaar. Vundisi koördineerder. Kampvegter vir die DBV. Titels, is dit nie? *Labels* eintlik maar. As jy mooi daaroor dink. Balkies. Soos op 'n blazer- net onder die wapen. (LAG) Hester van Emmenis. Skriba by die

kerk! Hier's vir jou 'n goue sterretjie! Nog 'n
batch bobaas pannekoek. *Goue sterretjie!*
Vrywilliger by die kinderhuis? Goue sterretjie!

(BEA SE MOND VAL OOP. ANNATJIE FRONS ONGEMAKLIK.)

Ek't 'n paar aanhalings oor die dood gaan soek.
 Hier's een: Morkel van Tonder het gesê, en ek haal
 aan, "Al wat ek eendag saam my wil vat is dit wat
 ek hier op aarde weggee het. En Hester van
 Emmenis het gegee. En gegee en gegee en gegee.

En wat het dit haar in die sak gebring? Fokol.
 (LAG) *So what's the point?* Sy't in elk geval
 alleen doodgegaan. Mens gaan alleen dood.

(BEA WIL OPSTAAN. ANNA HOU HAAR HAND SUBTIEL UIT OM TE KEER.)

'Skies. Jammer, Dominee. Sakke pakke sakke pakke...

Dalk is dit beter dat ek iemand anders se woorde
 gebruik om mee af te sluit. Tolkien s'n. J.R.R
 Tolkien. My ma sal verstaan. "*I wish it need not
 have happened in my time,*" said Frodo. "*So do I,*"
 said Gandalf. "*And so do all who live to see such
 times, but that is not for them to decide. All we
 have to decide is what to do with the time that is
 given to us.*"

Ek weet nie wat om te sê nie. Hier lê Hester van
 Emmenis. Onthou haar soos julle wil.

(LIZ DRAAI HAAR RUG EN BEA NEEM HAAR PLEK)

BEA: Dames en Here. Oom Boet... Ons nooi julle almal vir 'n koppie tee en verversings na afloop van die diens.

ANNATJIE: Maretha het altyd vir my gese, as die Loodswalvisse by Cape Vidal uitspoel, as hulle stadig op die strand lê en doodgaan, sing hulle vir mekaar. En as hulle alleen iewers uitspoel, dan sing hulle maar vir hulle self.

Ek en Liz was laasweek by Bea se *flat* in Wonderboom. Ons het haar help verf. Dit was *cool*. Die stok is darm nou al halfpad uit Liz se hol uit. O en Bea bel my nou elke sondag 5hr klokslag, sy praat maar meestal net oor haarself, maar shame, sy probeer.

Aqua Mike het nog steeds nie opgedaag nie, maar ek's darem nou al *junior manager* by Power & Glory.

Ek dink ons gaan oukei wees. *Fucked*. Maar okei.

DIE EINDE.